(’n “tipe” dus) wat hy ten tonele voer, is vergelykbaar met Multatuli se berugte Droogstoppel-figuur, die karikatuur van ’n etieklose Nederlandse koffiehandelaar met tonnelvisie. Sy kritiek op die ortodokses plaas hy in verskillende monde: dié van sy verteller, maar o.a. ook dié van ’n katkisant en – met die volle uitbuiting van patos – ’n allerelede sterwende meisie. Sy laaste stuk, getitel “Achter de schermen”, wyk sterk af van die beskrywende aard van die voorafgaande sketse en verhale. Sy verteller neem nagenoeg kommentaarloos saam met die leser plaas agter die skerms by ’n toneelstuk sodat sowel die versteekte private as die openbare werklikheid (“op dit laatste wordt gespeeld, op het eerste gehandeld”, Burgers 2007: 184) sigbaar raak. Telkens word die valsheid van individue geïllustreer. Die situasie met die Sinode word ’n “zwijnenhistorie” (Burgers 2007: 186) genoem. Een van die figure wat die verhoog opgestuur word, is ’n teologiese “Doctor”, iemand wat hom wel bewus is van die twee kante van die werklikheid, maar staan vir “de magt der Kerk en harer dienaars”. Hierdie teoloog begin al deur ’n glas wyn aan te neem nadat hy seker gemaak het niemand sal hom sien drink nie. Die leser word daarna getuie gemaak van ’n gesprek tussen die Doctor en ’n intelligente mede-teoloog wat uiteindelik die hooggeleerde skaakmat sit oor die Sinode se optrede in die Burgerssaak. Hy stel naamlik dat enigeen wat ’n bietjie nadink al “onze armzalige voorwendsels doorziet” en dat dit “ons de rol van huichelaars” laat inneem. Wanneer die Doctor die gesprek opgegee het, erken dieselfde skerpsinnige gespreksgenoot egter alweer teenoor ’n volgende gespreksgenoot dat hyself ’n saak in die openbaar verdedig wat hy op logiese gronde nie ondersteun nie. Dit gaan naamlik oor die toekenning van staatsgeld om predikante se salarisse te betaal, iets wat die ortodokses bevoordeel. Net soos Multatuli maak Burgers ten slotte seker dat die leser nie kan twyfel oor die saak wat bepleit word nie: in sy geval die morele en etiese verwerplikeheid van die Ortodokses. Hy gaan om verstaanbare redes egter nie sover om sy eie masker af te ruk nie.

In 1871, wanneer hy reeds sy reeks gestaak het, loop hy egter wel vir oulaas egter sy opponente onder sy eie naam trompop met ’n bundel artikels, *Wederlegging*.⁴

Burgers het dus veral twee oogmerke met sy “Toneelen”: om ’n besondere soort mens en lewenswyse te beskryf en om ’n saak te dien.

4. Verhouding met die Afrikaanse Letterkunde

Burgers se prosa voer sedert die verskyning van die *Toneelen* ’n skadubestaan in sowel Nederlandse as Afrikaanse literatuurgeskiedenis. Lijphart-Bezuidenhout sê daarvoor: “Die Nederlanders ag hulle te min of reken hulle tot die Afrikaanse literatuur; die Afrikaanse literatuurgeskiedskrywer ag hulle eweneens te min of reken hulle vanweë die taalvorm tot die Nederlandse letterkunde”. (1972: 12) In

Praamstra (2004) se herbekendstelling daarvan noem hy dat hierdie soort literatuur niks besonders in die Nederlandse Letterkunde van die 19de eeu is nie. Wat wel besonders is, is dat dit 'n "totaal ander samenleving" (Praamstra 2004: 130) aanbied. Hy wys ook op die onbekendheid in Nederland van 'n Suid-Afrikaanse Nederlandse Letterkunde wat hy in die proses bekendstel (Praamstra 2004: 121).

In Suid-Afrika het die plaaslike Nederlandse Letterkunde veral in die begin van die 20ste eeu bedolwe geraak in die strewe na die opbou van 'n Afrikaanstalige Letterkunde. 'n Belangrike figuur soos C.J. Langenhoven het die stryd vir Afrikaans juis aangeknop as 'n stryd teen Nederlands (Kannemeyer 1995: 236). In Conradie se twee groot werke oor die *Hollandse skrywers in Suid-Afrika*, gepubliseer in die jare Dertig, noem sy dat ons nou gelukkig al ver weg is "van die chauvinisme van omstreeks 1920". In die jare dertig was daar by Afrikaanse literatore inderdaad 'n nuwe opbloe in die belangstelling in Nederlands (vgl. o.a. ook Opperman 1939) en die Nederlandse Letterkunde, o.m. geïnspireer deur die esteties-ingestelde Dertigers. Juis die estetiese literêre oordeel begin dan egter in die Afrikaanse kritiek oorheers en dit bied opnuut 'n rede waarom die plaaslike 19de Nederlandse letterkunde min waardering vind. Dit is waarskynlik waarom Truida Lijphart-Bezuidenhout so versigtig is met 'n waarde-oordeel oor Burgers se werk wanneer sy dit in 1972 weer aan die vergeetheid ontruk.⁵ Sy verwys uiteindelik wel na "die sjarne van hierdie sketse" (1972: 19).

Uiteraard sou die Afrikaanse Letterkunde nooit so gou so sterk kon groei as daar nie voortgebou kon word op 'n reeds bestaande plaaslike Nederlandse boekebedryf en veral 'n sterk koerant- en tydskrifwese nie. D. J. Opperman (1939) se opstel uit eweneens die jare Dertig, "Waar begin die Afrikaanse Letterkunde?", bevat in dié opsig verhelderende uitsprake. Hy noem o.m. dat nie slegs die taalvorm nie, maar die geesteshouding in die oorgangsituasie in aanmerking geneem behoort te word: "As 'n volksplanting die vaderlandse kultuur net voortsit onder nuwe omstandighede sonder voldoende geestelike aanpassing, dan kry ons 'n koloniale letterkunde wat net 'n nuanse is van die vaderlandse letterkunde; maar as die geëmansipeerde volksplanting 'n eie selfstandige houding ontwikkel, duidelik onderskeibaar van die vaderlandse, dan kry ons 'n nuwe literatuur." (57) 'n Mens moet volgens hom dink aan 'n psigiese proses. Burgers se hierbo aangehaalde verdediging van sy onderwerp (Burgers 2007:1), is in hierdie verband uiters relevant. Dit is 'n bewys of selfs 'n pleidooi dat sy werk inderdaad onderskeibaar deel is van hierdie nuwe geesteshouding al spot hy ook wel daarmee. (Vgl. maar sy definisie van die "Kapenaar" wat later in hierdie artikel aangehaal word.) Wat Praamstra aandui ten opsigte van die "totaal ander samenleving" bevestig dit.

Met betrekking tot die taalvorm is daar bowendien 'n bewuste spel aan die gang. Terwyl Lijphart noem dat Burgers se Nederlands perfek is, wys Praamstra op die dialoog: hoe minder ontwikkel iemand is, hoe meer Afrikaans is sy spraak met die gekleurdes wat die onderlaag uitmaak vooraan (Praamstra 2004: 133).⁶

Weens tendense in die eerste dekades van die 20ste eeu het daar dus Afrikaanse barrikades teen die voorafgaande Nederlandstalige Suid-Afrikaanse literatuur ontstaan. Só is 'n natuurlike band wat betref die ontwikkeling van die literêre sisteem, geestelike ingesteldheid én taalgebruik kunsmatig verbreek. Om die literêre betrekkinge tussen Burgers se werk en die Afrikaanse prosa te ondersoek, gaan dus in teen lank agterhaalde misstande wat tóg bly voortbestaan het.

5. Dorps- en plaasverhale

Soos aanvanklik genoem, is die betrekking waarop in hierdie artikel gekonsentreer gaan word, dié ten opsigte van die plaas- en dorpsverhaal.

Lubbe en Wichahn (161) toon aan dat die Afrikaanse plaasroman se hardnekkige ontwikkeling tot en voortbestaan as sub-genre deur verskillende literêr-historiese fases kom “omdat die tradisionele plaasroman so volledig uitdrukking gegee het aan 'n Afrikaanse en politieke lewensbeskouing”. Volgens hulle is daar dan drie fases aan te wys, dié tussen 1920 en 1940 waartydens dit draer geword het van hierdie “Afrikaanse gedagte”. Hierop volg die “internasionale gedagte” vanaf 1956-1976 waarin dit 'n terrein word vir bevraagtekening van en botsing met juis die nasionalistiese hegemonie vanuit 'n progressiewe internasionale optiek. En nog meer: “Die plaas word eerder beeld van 'n komplekse Suid-Afrikaanse samelewing en selfs 'n universele wêreld waarin goed en kwaad ineengestremel is” (161). Ontluistering en parodiëring is dan opvallend. In die tydperk 1976-1994 volg 'n post-moderne fase waarin die vertelsituasie die leser in onsekerheid laat, “realisme en fantasie” (163) saambestaan en teenoor die tradisionele stad/land-onderskeid word die plaas “eerder metafoor van 'n veranderende en komplekse Suid-Afrikaanse en universele werklikheid waarin die goeie en bose ineengestremel is” (163). Ewe belangrik is dat die blanke boer se “natuurlike besitreg” nou bevraagteken word en daar vir die eertydse besitter eerder 'n ideologiese soeke ontstaan na 'n “plaats” (plek) in Afrika.

Van Coller (1995: 24-25) wys daarop dat hierdie ontwikkeling ooreenkom met 'n bevinding van Alistair Fowler (1974) oor tipiese genre-evolusie.

Uit Van Coller (2006: 100-103) se bespreking van die “Afrikaanse dorpsroman” is dit duidelik dat die aanvanklike ideologiese lading (die idealistiese draer van die “Afrikaanse gedagte”) wat dan die verdere fases van 'n sub-genre, teenbewegings, kon uitlok soos wat Lubbe en Wichahn by die plaasroman aandui, hier ontbreek. Soek 'n mens in die vroeë Afrikaans-Nederlandse literêre landskap na 'n dorp waarin 'n min of meer vergelykbare ideale, harmonieuse toestand bestaan, kom die Nederlandse domineeskrywer S. Ulfers se indertyd herhaaldelik in Suid-Afrika voorgeskrewe en dus goed bekende *Oostloorn, Dorpsschetsen* (1903) eerder na vore.⁷

As gevolg van hierdie “leemte” word dit hier sinvol gevind om bevindinge oor

die plaasroman as literêr-historiese maatstaf in te span. In wese gaan dit ook by sowel die dorps- as plaasroman om 'n afgegrensde verbeelde plattelandse ruimte waarbinne verskynsels aan die lig gebring word wat eiesoortig, maar ook universeel kan wees.

Van Coller (2006: 100) wys inderdaad ook daarop dat die Afrikaanse dorp in die meeste toepaslike romans eerder 'n tussenstap vorm van die plaas na die negatiewe stad en self 'n bese plek is. Veral t.o.v. moderne romans besluit hy: “Dikwels verteenwoordig die dorp 'n mikrokosmos en word dit derhalwe 'n beeld van Suid-Afrika” (103).

6. *Toneelen uit ons dorp*

Na aanleiding van hierdie opmerking kan 'n mens terugkeer na die dorp van Burgers. By sy woorde “ons dorp” is verbandlegging met Hanover waar hy letterlik sit en skryf het voor-die-hand-liggend. De Vries (1986: 9) waarsku egter al oor die “opsetlike vaagheid” ten opsigte van die ligging, iets wat vir hom 'n duidelike “fiksionele indikatie” vorm. Minstens twee “fisiese” gegewens wys inderdaad in 'n ander rigting as Burgers se eie gemeente. Dit is onwaarskynlik dat hierdie jong dorp reeds sulke ontwikkelde tuine kan hê soos in die verhale en nog duideliker: daar is nie 'n heuwel buite Hanover waarop die “locatie” hom kon bevind nie. Hy het egter één ander dorp goed geken wat wel beide het: Graaff-Reinet! Daarteenoor is die gebeure wat hy aanbied, veral waar dit die kerkpolitiek raak, eietyds t.o.v. die produksie- en publikasiedatum. Die presiese ligging en naam stel die verteller: “doet er niets toe” (Praamstra 2004: 7) en hy voeg by dit is “een van die menigvuldige dorpen die in de laatste vijftien jaren als door tooverkracht uit de grond zijn opgerezen”. Lg. sluit natuurlik wel Hanover in (en Graaff-Reinet uit) en dui trouens op 'n ingrypende maatskaplike ontwikkeling. Burgers stel dus vir hom 'n verbeelde ruimte saam. 'n Mens sou dit kan toeskryf aan die versigtigheid om sy identiteit nie prys te gee nie, maar minstens eweveel aan die skep van 'n dorp waarin hy juis alle soorte situasies en figure kan huisves, 'n eiesoortige mikrokosmos: fiksie om die werklikheid te ontmasker. Naamloosheid is daarom juis betekenisvol.

Van Coller (1995: 25) en Lubbe en Wichahn (160) dui aan dat die plaasroman in sy eerste fase gekenmerk word deur 'n “manipulerende ouktooriale verteller”. Lubbe en Wichahn maak lg. ook van toepassing op die tweede fase.

Ook Burgers stel so'n anonieme en bekomentariërende verteller (weliswaar meesal 'n eerstepersoonsverteller) aan die woord in die styl van sy tydgenote soos Hildebrand en Dickens. Soos De Vries (1986: 11) reeds aandui, is dit egter 'n stem met 'n “dubbele instelling” wat afwisselend krities en vereenselwigend-simpatiek kyk na sowel die “ek” as die “ander” en steeds speel met satire en ontmaskering. Trouens hy staan tyd daaraan af om sy leser te wys op iets wat literatuurteoretici daarna telkens

weer sou ontdek: “Lieve lezer, hebt gij nog nooit opgemerk hoe in al die ‘schetsen’ en ‘photographien’ die wij zoo dagelijks ontmoeten, de vervaardiger nooit vergeten is, hoe hij er altijd in voorkomt en wel op den voorgrond?” (Burgers 2007: 8). Hy beklemtoon ook dat dit in die aard van die menslike visie lê dat sy sketse “hoewel getrou, toch onjuist” sal wees.

Ondanks die duidelik beherende vertelinstansie word die relatiwiteit wat ’n mens pas volgens genoemde navorsers in die derde, heel moderne, fase van die plaasroman aantref *hier reeds* direk van toepassing gemaak op alle “toneelen”. Lubbe en Wiehahn (163) noem naamlik dat die leser in die “derde fase”, anders as voorheen, nie gelaat word met “bepaalde sekerhede” nie, “maar met ’n geskakeerde beeld waarin die geldigheid van bestaande waarhede juis verval”. In die romans wat hulle ondersoek het, blyk ook dat die verteller hom “ooglopend as skrywer of ‘storiemaker’” openbaar “sodat geïmpliseer word dat die plaasroman en dus ook die ideologiese betekenis daarvan, bloot gemanipuleerde ‘storie’ of fiksie is”.

Die verteller begin sy gallery van dorpsbewoners deur eers homself te teken. Die beskrywings wat hy gee, is beswaarlik verbindbaar met die persoon Burgers soos ’n mens dit op foto’s aantref. In die proses maak hy homself telkens ook wel verteenwoordigend van ’n groter groep: “De kleding, het kapsel, de houding, de positie, het gelaat, alles verraadt den echte Kapenaar, den Afrikaner”. (Burgers 2007: 4) Uit ’n hele reeks eienskappe wat hy vervolgens opnoem, spreek die selfspot en die parodie op sy volksgenote. Om maar een te noem: “Genoeg zij het te zeggen dat het mij moeite kost mijn woord te houden en getrouw te zijn, doch dat het mij daarentegen zeer gemakkelijk valt om vertoornd te worden over ontrouw mij gepleegd, enz.” (Burgers 2007: 10) Daar is dus met die intrapslag sprake van parodie, weer eens iets wat Van Coller (1995: 25) pas in die modernste fase van die plaasroman aanwys. ’n Mens moet wel toevoeg dat Van Coller eintlik verwys na parodie van die genre en nie self-parodie nie. Wat hierbo egter genoem is oor die “vervaardiger” skakel dit by Burgers ook met die genre as sodanig.

Dit is dus wel duidelik dat Burgers se boek die patrone wat ten opsigte van die plaasroman aan die lig gekom het, deurbreek en in sommige opsigte ’n voorloper is op heel moderne verskynsels.

7. Magsverhoudinge

Vanuit ’n hedendaagse optiek is twee aspekte omtrent die magsverhoudings wat in “Toneelen” aan bod kom, opvallend: die kerklike beheer van die samelewing en die koloniale orde waaraan gekleurdes onderworpe is. Die situasie met albei word vervolgens kortliks hier omskryf en daarna nagegaan by die twee vergelykbare latere Afrikaanse dorpsverhale.

'n Retoriese middel in die skrywer se implisiete kritiek is die parodiëring van vaste ingesteldhede in die samelewing, en veral dit wat met die kerk te doen het. Sy verteller is pertinent geen dominee nie, maar 'n belese, intelligente en skerpsinnige persoon, lid van die dorpsraad en verder sonder duidelike beroep. Soos genoem, beeld hy die verteenwoordiger van die kerk uit as 'n ortodokse dominee wat telkens die kerklike tradisie verdedig, maar nooit met redelike argumente kom nie: "In de leer is hij zeer regtzinnig en denkt nog over alle geloofspunten perfect hetzelfde wat men voor twee honderd en meer jaren er over dacht. Niets ter wereld zou hem er toe brengen om in iets eenige verandering te maken. Zijne gebeden, voorafspraken, alles is nog hetzelfde als op den eersten dag, zoodat de gemeente ze schier geheel van buiten kent." (Burgers 2007: 20) Saam met die ouderling, Oom Willem, regeer hy egter die gemeente met 'n ysterhand. Terwyl die verteller op 'n bepaalde stadium nog vind dat Oom Willem eintlik wel "een knap man" (Burgers 2007: 61) is, kom ook dié uiteindelik nie vry nie. In die slotverhaal, die teatervertelling, blyk een van die vertroueswendelaars juis Oom W. te wees!

Min van die "Toneelen" is so skreiend, maar ook so onthullend van die bose wat gekleed in 'n kerklike manelpak in hierdie wêreldjie rondbeweeg, as die beskrywing van die "Huisbezoek". Die leser word "meegevoer", eers na 'n huis waar dominee en ouderling (Oom Willem) in die grootste spanning verwag word en die hele interieur daarvoor aangepas is, dan na 'n huis waar hulle reeds was en die huisgenote aan die herstel is van die inkwisisie-agtige ondervraging en uiteindelik na waar hulle pas gearriveer het.

Hierdie laaste besoek is by die gesin van "Neef Paul", 'n man wat volgens die verteller se introduksie getroud is voor hy daarvoor ryp was, reeds vader is van vyf kinders en hoop op 'n diakenskap. Hy verbeel hom hy weet meer as ander mense, ken "de genadestaat" uit sy kop en die "taal Kanaans spreek hij perfect"! (Praamstra 2004: 53) Inderdaad ontvang hy die gevreesde twee met gemak. Die dominee komplimenteer hom daarmee "dat de Heer u zoveel vrijmoedigheid geeft" (53) en laat al gou blyk dat nóg hy nóg Oom Willem deur sy selfingenomenheid en oppervlakkigheid kan sien. Dit geld ook wanneer hy uitlê hoe hy die duiwel steeds met "het zwaard des geloofs" aanval en op sy plek sit. (54).

Vervolgens rig die ouderling hom op Mietje, sy vrou, maar opvallend genoeg steeds via hom: "En hoe is uw vrouw nu met u eens, of wordt zij nog zoo door den Satan gezift zoodat zij soms zoo zwaarmoedig is?" (54). Die leser is reeds vooraf gewaarsku dat hierdie "arme vrouw" "reeds lang hare trouwbelofte van buiten en van binnen" geleer het, nl. "uw wil zal den wil des mans onderworpen zijn". (53) Wanneer sy op Oom Willem se vraag slegs 'n stille traan weggee, voeg die verteller toe: "Zijt gij zoo blind, dacht ik, gij ouderling en predikant, dat gij de sporen van mishandeling en van waren kommer en afgematheid niet zien kunt op dat reine gelaat, - dat gij het geloof

niet lezen kunt in dat betraande oog?” (54) As die swartgeklede kerkmanne op vertrek staan, laat die leraar ook nog self hoor: “Houd aan met te werken aan het hart uwer vrouw (...) en gij, juffrouw, laat u leiden door uwen man, gehoorzaam hem en volg zijn voorbeeld.” Die verteller voeg hierop toe: “De goede Mietje sprak niets. Wat zou zij zeggen?” (54)

Wanneer die huisbesoek verby is, laat die eggenoot sy ware kleure sien. Hy sê Mietjie, wat met ’n baba aan haar bors en ’n tweede van pas een jaar oud aan haar rokspand staan, aan om onmiddellik sy kruisbandknoop aan te werk. Vervolgens laat hy sowel die waterleiwerk as die smelt van loodkoeëls aan haar oor terwyl hyself uity om te gaan jag. Kort hierna hoor die verteller “per ongeluk” ’n gesprek deur die twee dienaars van die geloof. Die dominee laat ontval hom oor Paul: “van harte wensch ik, dat al mijn menschen zoo waren” en Oom Willem: “Die man (...) moeten wij noodzakelijk in de kerkedienst hebben”(56)!

Die in wese bese sosiale magstruktuur in die oënskynlik Christelike dorp word dus hier ontmasker. Later, in die verhaal “Kinderdoop”, word geïllustreer hoe die toelating tot die kerklike doop gebruik word om selfs die wederstrewigste man aan ’n “inquisitie” (Praamstra 2004: 106) te onderwerp. In ’n samelewing waar veral moeders vrees dat ’n baba ongedoop mag sterf en daarom nie tot die hemel toegelaat sal word nie, het die dominee en sy hoofouderling dus die mag in die hande. Nadat hy die vrees van die gewone lidmaat ten tonele gevoer het, sorg Burgers egter dat hierdie mag uitgedaag word deur ’n figuur wat hom op die gereghof beroep en só inderdaad ’n oorwinning oor die magsklik behaal.

8. Koloniale magsverhoudinge

Burgers toon hom ook deeglik bewus van die koloniale magsverhoudinge en dan spesifiek dié tussen blankes en gekleurdes en nie dié tussen Boer en Brit wat enkele jare later die botoon sou begin voer nie.⁸ Reeds in sy eerste beskrywing van die dorp (Praamstra 2004: 10) skets hy die naasliggende “Kaffer-locatie of ‘struissen’”. Anders as “sommige menschen” wat hierdie plek (waarsonder hulle ook wel nie kan klaarkom nie!) as ’n “steen de aanstoots” sien, is die verteller positief daaroor. Hier doen hulle nog wat hulle kan om “hunne nationaliteit zooveel mogelijk op te houden”. Hulle het “vreemdelingen in hun eigen land geword”: “welk eene vreugde speelt er op het gelaat van Kaatje en Dina als zij des avonds onder haar eigen volk, afgezonderd van de, dikwijls met recht, gehate menschen, veroveraars van haar land, onder hare kinderen kunnen nederzitten, en hare eigen schoone taal hooren van de lippen hare lievelingen!” Hy vergelyk hulle voorts met die Israelse bannelinge in Babilon, ’n verbintenis wat indertyd waarskynlik ’n veel sterker impak op die leser sou gehad het as vandag. Anders as kennelik baie van sy

blanke dorpsgenote wens hy die gekleurdes alle moontlike vreugde toe by hul luide Saterdagagse feesvieringe “al blyft er ook niets meer voor u over van uwe aloude vryheid, en van uw vaderland dan deze *locatie*”.

Alle verdere beskrywings van gekleurdes word dus teen hierdie simpatieke agtergrond geplaas. Dit geld bv. ’n vroeë voorbeeld van wat Jakes Gerwel in sy *Literatuur en Apartheid* (1983: 98) die “ek het maar saam met die baas gekom”-fase⁹ sou noem t.o.v. rol van gekleurdes in die Afrikaanse prosa vanaf 1926 tot 1935. Wanneer die verteller in die begin van die nagmaalsnaweek op die mark gaan rondwaal, nader hy naamlik een van die knegte by ’n markwa vir inligting:

“Zoo! En wat hebt jelui op?”

“Goed, voor de markt.”

“Wat voor goed?”

“Zoo maar alles. Seur kan mos kijk.” (Praamstra 2004: 27)

Wanneer die seur dan wel kyk, blyk dit heeltemal nie “alles” te wees nie, maar slegs “huiden” wat beslis nie vir die gewone mark bedoel is nie! Die man se passiwiteit kan dus beskou word as die gevolg van sy koloniale onteiening.

Met sy skets van “twee figuren van knechten” in sy stuk “Onze dorpsbewoners” sorg Burgers vir karakters (“typen”) wat ooreenkom met stereotipes wat ’n mens reeds voorheen in die koloniale reis- en dagregisterliteratuur teenkom. Dit gaan egter ook wel verder. “Het zijn Tamboer en Januari, een Hottentot en Kaffer, beide zeer bekende schepsels in ons dorp”.

Tamboer is “een goed exemplaar van zijn snel verdwijnende ras”. Sy liggaamlike flinkheid en akrobatese vermoëns word as uitstekend beskryf, maar dan tog wel weer vergelyk met dié van ’n dier met die toevoeging: “Het is als of hij het instinct aller dieren in zich vereenigt en helaas! niet minder hunne driften”. (Praamstra 2004: 22) Sy groot swakheid is egter sy liefde vir drank. Hierteenoor staan egter sy verbale vermoëns wat hom die meester van alle situasies maak en waarmee hy hom ook weer uit alle situasies red, selfs wanneer hy ’n onbetroubare werker was ondanks sy talente wat hom in staat stel om ongeveer alle vaardighede te bemeester wanneer hy daar sin in het. “Altijd vroolijk en altijd vrij, neemt hij de wereld zoo als hij die vindt.” (23) Negatiewe en positiewe eienskappe word dus teenoor mekaar gestel in ’n humoristiese beskrywing waar die klem ontenseglik op die negatiewe val. Hy is dus reeds ’n uitgeknipte voorbeeld van die “jollie Hotnot” waarna Jakes Gerwel (1983: 98) verwys t.o.v. die tydperk 1875-1925: ’n “verdrietlose, drankbeluste en werkskuwe narfiguur”!¹⁰

Januari is daarteenoor “steeds somber als een grijsaard” asook “langzaam en bedaard”. Van die twee is hy die wener want die “Kaffer is voor de werkelijkheid, de Hottentot voor de schijn. De sombere houding, de bedaarde doch ferme gang van Januarij toonen

dat hij met de wereld zoals hij is, ontevreden is. Hij denkt, hij werkt, hij werkt om den toestand der dingen en van zichzelf te veranderen.” (24) Hy bedek steeds sy gevoelens. “Zijn hoofdeigenaardigheid teenover den Hottentot is, dat terwijl deze een echte hansworst is, hij daarentegen de bezadigde, denkende, calculerende politicus is”. (25)

Januari is dus vir Burgers verteenwoordiger van ’n sigself handhawende en na oorwinning strewende en Tamboer van ’n verdwynende ras, terwyl beide moet funksioneer onder die koloniale druk. ’n Enkele keer verskyn beide weer, nl. in “Kerstdag en Nieuwjaar”. Die verteller besoek die “locatie” om die Nuwejaarsdansery te aanskou. Eers speel Tamboer (viool) en Januari (goerah) harmonieus saam, maar dan kom hulle in ’n danskompetisie teen mekaar te staan waartydens Tamboer tot groot ergeis van sy swart kollega steeds wen. Burgers wys hier wedywing uit wat digby ’n “boze vechtpartijgeest” (Praamstra 2004: 118) kom. Daar is dus nie slegs verskil nie, maar ook wrywing tussen die gemarginaliseerde gekleurdes.

Burgers se dorp bevat nog veel meer, van grappe, romanse, bruilof tot kinderdoop en die dood. Daar is plek vir die verteller se paradysagtige tuin waarbinne die sagste gras egter reeds die fatale siekte van die skone Marie verraa. In “Nieuwe Toestanden” waan die windbollige boer Piet homself ’n Franse Hertog om dan deerlik daarvoor gestraf te word en in koorsdrome sy hovaardigheid uit te sweet om volgens De Vries (1986: 19) só die begin te vorm van die “surrealistiese” lyn in die Afrikaanse verhaalkuns.

9. Twee Afrikaanse dorpsverhale

Vergelykingsmateriaal in die latere Afrikaanse letterkunde moet dus veral gesoek word by dorpsverhale waar dit juis gaan om die aanbieding van ’n geheel, van ’n mikrokosmos.¹¹ Die aandag word daarom vervolgens gerig op twee histories opvallend verteenwoordigende tekste wat onderskeidelik saamval met wat Lubbe en Wiehahn die tweede en derde golwe by die ontwikkeling van die plaasroman noem. Dit is Etienne Leroux se “’n Dag in Berg-en-dal” (1964) en A.H.M. Scholtz se *Vatmaar* (1995).

Leroux s’n is slegs ’n kortverhaal, maar buitengewoon gelade. Hoewel hy die naam van sy dorp reeds in die titel noem, kan die leser al gou agterkom dat dit tog ook wel – soos Burgers se dorp – ’n vaagheid bevat en eerder abstrakte dimensies vertoon, vgl. bv. die nuwe-titel, “Drieduisend siele”. De Vries wys op die assosiasie met die bekende Gesang 7 “Op berge en in dale en oral is God ...” Die afwesige woorde uit die betrokke gesangreël kan dan juis as veelseggend beskou word. Verskeie kritici het inderdaad reeds gewys op die uitbeelding van morele verval in die dorp wat hier geskets word. (De Vries 1989: 76-78) Die naam is dus nie ’n reële pleknaam nie, maar in die eerste plaas ’n betekenisdraer.

Leroux se verteller is anders as by Burgers anoniem en neem 'n verhewe, alwetende posisie in. Dit gaan egter om 'n ewe beherende instansie soos blyk uit die opvallende verhaelopbou. Ondanks aanwysings word die finale interpretasie, net soos by die titel, aan die leser self oorgelaat. Lg. is wel vergelykbaar met Burgers se slotverhaal.

Die andersins realistiese bewoners word omvorm tot verteenwoordigers van veral 'n verskeidenheid frustrasies en begeertes: vgl. onder andere die “skynheilige” Reginald se belangstelling in die kleuterdogtertjie, mevrou Jolande van Niekerk se seksuele frustrasie, Lambert Maneweek se impotensie, die “erotiese sipresbome” wat die pastorie “oor skaduwee” en die Prinsipaal se “steeds toenemende verydeling”, Johan Barnard se “onuitputlike uitbundigheid” as verleier en ontmaagder, en die maagd Magriet se gewilligheid. Lodewyk Lodijzen, die boer wie se plisie “strek tot die nimmereindigende grens van sy verbeelding” is die literêre verwant van Burgers se gewaande hertog Piet wat hiér egter straffeloos mag voortbestaan. Die vernaamste verteenwoordiger van die bese is die alwetende, oënskynlik “monnikheilige” Gothriet Morgenthau. By die ontmaagding van Magriet tree hy as fasiliteerder op, maar bedek daarna deur 'n skyn van “onderdanigheid” en “eerbied” dat hy (op daardie stadium) Momus, die Griekse god van spot en skimp (Geerts e.a. 1984: 1740) verpersoonlik.

Net soos by Burgers is die figure dus personifikasies, verteenwoordigers van menslike verskynsels groter as die individu.

Met hierdie verhaal bied Leroux net soos in sy plaasromans dus inderdaad “'n komplekse Suid-Afrikaanse samelewing” net soos wat Lubbe en Wiehahn (160) t.o.v. dié sub-genre in die “tweede fase” aandui.

Die gemeenskap waarin die “siele” duidelik uitgelewer en selfs reeds bedorwe is, word nie slegs gekritiseer nie, maar ook gesatiriseer (Momus). In hierdie opsig is daar dus 'n sterk ooreenkoms met Burgers humoristiese en ontmaskerende benadering. Hoewel Leroux direkter taal gebruik en na sake in die samelewing verwys wat beswaarlik by Burgers kon voorkom, gaan laasgenoemde egter tog wel verder deur die korrupsie juis by die verteenwoordiger van die kerk uit te wys. By Leroux is die gegrendelde kerk hierteenoor eerder slegs magteloos teenoor die beheer wat die oer-gode geneem het.

In ooreenstemming met Lubbe en Wiehahn se beskrywing van die plaasroman op hierdie literêre-historiese stadium, ontbreek daar inderdaad enige noemenswaardige aanduiding van die koloniale magstruktuur.¹² Daar is wel 'n “lokasie” met “rommelhuisies”, maar selfs sonder die luidrugtige 19de eeuse weerstandige vreugde in Burgers se dorp al is dit 'n Vrydagaand. Passiwiteit (“vliegwaaiende Basoeto's”) en drankmisbruik (Lambert is terug op die plaas “dronk soos sy volk”) is die swartmense se enigste aktiwiteit.

Ondanks sy veel meer gekonsentreerde satire gaan Leroux dus in dié opsig nie so ver as die kritiese en parodiërende Burgers ten opsigte van sowel die dominerende kerklike as koloniale magsfaktore nie.

10. *Vatmaar*

Hierdie roman verteenwoordig 'n ommekeer omdat die gewese gekoloniseerde opeens met 'n sterk en seker stem aan die woord geplaas word.¹³ Soos by Leroux is die pleknaam veelseggend. Hier gaan dit om 'n gemeenskap van grotendeels verskoppeling wat sy ontstaan te danke het aan 'n derde, in wese onafhanklike party tydens die Anglo-Boereoorlog. In sy voorwoord maak Scholtz die inwoners egter ook verteenwoordigend “van die bruinmense van Suid-Afrika”. Vervolgens sorg hy vir 'n kaart van hierdie grotendeels denkbeeldige dorpie en die naasliggende “blanke” Dutoitspan. Daar word dus nou nie meer vertel óór nie, maar vanúit wat in die vorige twee tekste die “locatie/lokasie” geheet het.

Lubbe en Wichahn (163) se bevinding oor die vertelsituasie by die plaasroman in die “derde fase”, naamlik dat die “oorheersende, alwetende” verteller vervang word deur “wisselende perspektiewe” geld ten volle vir hierdie roman waar 'n ekverteller begin, maar 'n hele verskeidenheid van stemme mettertyd aan die woord gestel word. 'n Veelvoud geskiedenis word aangebied met steeds verrassende nuanses. Die episodiese struktuur van die teks self, aangestip deur die beskrywende hoofstuktitels, gee aan die boek 'n 19de eeuse voorkoms wat in spanning staan met die post-koloniale inhoud. 'n Mens tref hier dus wel iets van 'n genre-parodie aan, dit wat Van Coller (1995: 25) by die plaasroman in hierdie stadium aanwys.

Net soos by Burgers en Leroux (laasgenoemde in 'n mindere mate en op verwickelde manier¹⁴) is hier sprake van 'n afwisseling tussen spot en erns. Terwyl die klem by Burgers op die ortodokse kerkbestel lê, is die verteenwoordigers van die koloniale magshabbers in *Vatmaar* veral die skyf. 'n Mens vind dit reeds in die benadering van die “Queen se Cape-boys” tot die Anglo-Boereoorlog waaraan hulle uitsluitlik ter wille van die dagloon deelneem en ook in Oom Chai se opportunistiese lojaliteitsbetuiging tot die Britse kroon wanneer dit hom werk kan help besorg. (16) Die blatantste bestraffing van die pretensieuse en rassistiese heersersklas is egter die karnavaleske inwyding van die kliniek teen die einde van die roman wanneer hulle uit onkunde van inheemse gebruike onder die invloed van die alkoholryke khadie alle inhibisies verloor en in bespotlikheid verval (296-304).

Vatmaar is 'n paradys van vryheid waar iedereen 'n tuiste kan vind, rangordes nie bestaan nie en soet romanse kan blom tussen mense van uiteenlopende afkoms. Die skrywer laat die bose egter juis in die vorm van rassisme en 'n neiging tot klassevorming sigbaar raak. 'n Onthutsende voorbeeld is die geval van die blanke Engelsman Oupa Lewies en die swart Ouma Ruth wie se groot liefde ras- en kultuurverskille volkome ignoreer, maar wie se kinders op hul beurt alle tekens van hul moeder probeer wegwerk en self oorgaan tot wandade teenoor swart mense. Tant Winnie met die blanke uiterlike beland daarteenoor onskuldig in die gevangenis weens die

onregverdige optrede van haar werkgewer, mevrou September, “’n swart bruinvrou – dié soort wat wit bruinmense haat” (121). Haar redding is ’n magistraat wat reg spreek teenoor haar, maar in wese gemotiveer word deur sy pro-blanke rassisme. Vir die eerste keer in die Afrikaanse letterkunde word egter ook rassisme tussen gekleurdes beskryf, iets wat Burgers wel aangeraak het in sy genoemde danstoneel op Nuwejaarsdag.

In die Vatmaar-gemeenskap is daar min sprake van beheer deur die kerk. Dit hou kennelik verband met die rassituasie. Terwyl Burgers wel aan die kwessie van die Nederduits Gereformeerde Sendingkerk raak en die sendingpredikant voorstel as ’n flou en getroue afskading van die blanke dominee, is die NG dominee in *Vatmaar* ’n beredeneerde rassis. Dit blyk al uit die voorgeskrewe kleredrag van sy huisbediende wat haar buiten vir haar gesig volledig moet bedek en die manier waarop hy Oom Chai ontvang. Hy en sy kerkraad help Vatmaar wel met ’n kerkgebou, maar sorg terselfdertyd vir ’n opvallende afstand.

Naas rassisme is gierigheid die prominentste boosheid in *Vatmaar*. Juis dit word verbind met die kerk. ’n Geskiedenis waarin dit besonder skerp geïllustreer word, is dié van “Hendruk Jannewarie en die blink klip” (166-173). Reverend Elias Cobb is onmiddellik nadat sy vrome en naïewe ouderling ’n diamant opgetel het, gereed om die geld vir ’n nuwe pastorie in te palm. Dit lyk ook of hy die steen self wil steel. Wanneer Hendruk ’n swaar en onregverdige vonnis kry, slaan die “reverend” toe op sy skamele besittings en blyk inderdaad iemand te wees wat nie sy gemeentelid bystaan nie, maar deurgaans gereed was om hom te misbruik. ’n Mens kan hierby in gedagte hou hoe Burgers sý dominee ook al gou laat dink aan die moontlikhede wat Piet se hertogskap inhou vir die “Leraarsfonds” (Praamstra 2004: 64, 73)!

Pas die skrywer van *Vatmaar* waag dit dus om so ver te gaan soos wat Burgers in sy maatskappykritiek meer as ’n eeu eerder gedoen het, naamlik om die boosheid aan te wys in die kern van die sisteem wat pretendeer om God op aarde te verteenwoordig, naamlik die kerk self.

11. Besluit

Om saam te vat: uit die weliswaar kriptiese bespreking hierbo blyk dat Burgers se werk inderdaad in verskillende opsigte in verhouding staan tot latere Afrikaanse dorpsverhale. Dit geld ook die ander en meer prominent variant van Afrikaanse mikrokosmiese verhale, naamlik die sogenaamse plaasroman. Dit het onder meer geblyk dat selfs die “derde fase” van die plaasroman wat o.a. Lubbe en Wichahn beskryf, reeds in Burgers se werk in verskeie opsigte ’n voorganger gehad het. Dit is ewe merkwaardig dat die mikrokosmiese Afrikaanse dorpsverhaal pas met *Vatmaar* die eerste keer sy 19de eeuse voorganger van agter af inhaal wat betref die hoeveelheid en verskeidenheid, die optiek van waar die maatskappykritiek plaasvind en gewaagdheid by die identifisering van die bose.

In 'n artikel soos hierdie kan daar nie veel verder gegaan word as om verbande aan te wys nie. Op grond daarvan kan egter opnuut gekonstateer word dat Suid-Afrikaanse Nederlandse geskrifte wel aandag verdien én nie buite rekening gelaat mag word wanneer daar na literêre ontwikkelinge en tradisies in Afrikaans ge kyk word nie.

Universiteit van Wes-Kaapland

Bronne

- Appelgryn, M. S.** 1979. *Thomas Francois Burgers, staatspresident 1872-1877*, Pretoria/Kaapstad: HAUM.
- Bakker, S e.a. (red.)** 1994. *Overzicht van de Europese letteren van Homerus tot heden II*, Amsterdam: Meulenhoff/Icarus.
- Brink, A. P.** 1998. *Duiwelskloof*, Kaapstad, ens.: Human & Rousseau.
- Burgers, dr. T. F.** 1882 *Tooneelen uit ons dorp*, 's-Gravenhage: Henri J. Stemberg.
- Burgers, T. F.** 2007. *Tonele uit ons dorp*, Pinelands: Africana Uitgewers.
- Conradie, E.** 1934. *Hollandse skrywers uit Suid-Afrika I*, Pretoria/Kaapstad: J.H. de Bussy/H.A.U.M. v/h J. Dusseau & Co.
- Dekker, G.** 1932. "Inleiding" by *Carmera Obscura* van Hildebrand, Pretoria/Kaapstad: J. H. de Bussy; H.A.U.M. v/h Dusseau & Co.
- De Villiers, A. J. D.** 1936. *Die Hollandse taalbeging in Suid-Afrika*, Kaapstad: Nasionale Pers Bepker.
- De Vries, Abraham.** 1986. *Vertelpatrone in die Afrikaanse kortverhaal*, ongepubliseerde proefskrif, Universiteit van Stellenbosch.
- De Vries, A. H.** 1989. *Kortom 2, 'n gids by die Afrikaanse Kortverhaalboek*, Kaapstad/Pretoria: Human & Rousseau.
- Du Plessis J.** 1920. *Het leven van Andrew Murray*, Kaapstad: De Zuid-Afrikaanse Bijbelvereniging.
- Engelbrecht, dr.S. P.** 1933 *Thomas Francois Burgers*, Pretoria/Kaapstad: J.H.de Bussy/H.A.U.M. v/h Jacques Dusseau & Co.
- Geerts, G. e.a.** 1984. *Van Dale Groot Woordenboek der Nederlandse Taal*, Utrecht/Antwerpen: Van Dale Lexicografie.
- Gerwel, G. J.** 1983. *Literatuur en Apartheid*, Kasselsvlei: Kampen-Uitgewers.
- Giliomee, H en Mbenga, B.** 2007 *Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika*, Kaapstad: Tafelberg.
- Hanekom, T. N.** 1951. *Die Liberale Rigting in Suid-Afrika, 'n kerkhistoriese studie*, Stellenbosch: Christen-Studentevereniging-Maatskappy.

- Jensma, G.** 2004. *De Gemaskerde God, Francois HaverSchmidt en het Oera Linda-boek*, Zutphen: Walburg Pers.
- Kannemeyer, J. C.** 2005. *Langenhoven: 'n lewe*, Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.
- Leroux, E.** 1964. "n Dag in Berg-en-Dal – Drieduisend siele", in: *Windroos*, Johannesburg: Afrikaanse Pers-Boekhandel.
- Lijphart-Bezuidenhout, T.** 1972. Onderveldse dorpstonele waar niemand van weet of praat, *Standpunte XXV*, nr.4 April 1972.
- Lijphart-Bezuidenhout, T.** 1984-85. Thomas Francois Burgers – Tooneelen, *Tijdschrift voor Nederlands en Afrikaans* jg. 2: 1 Mei., jg. 2 : 2 September, jg. 2: 3 December. Jg. 3: 1,2 Mei/September.
- Lubbe, H. en Wiehahn, R.** 2000. Die Afrikaanse plaasroman in die 20ste eeu, *Stilet* jg.XII:2, September.
- Praamstra, O. (samesteller)** 2004. *Thomas François Burgers, Dorp in het onderveld, Zuid-Afrikaanse verhalen*, Amsterdam: Athenaeum/Polak & Van Gennep.
- Roos, H.** 1998. Perspektief op die Afrikaanse prosa van die twintigste eeu. In: Van Coller, H. (red.) *Perspektief en Profiel, 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis*, deel I, Pretoria: J. L. van Schaik.
- Scholtz, A.H.M.** 1995. *Vatmaar*, Kaapstad: Kwela Boeke.
- Smit, ds. A. P.** 1956. *Eeufoesalbum Hanover*, Hanover: N. G. Kerkraad.
- Thoreau, H. D. s.j.** (first edition 1854) *Walden or life in the woods*, Mount Vernon, N.Y.: Peter Pauper Press
- Ulfers, S. s.j.** *Oostloorn Dorpschetsen*, Rotterdam: D. van Sijn & Sonen.
- Van Coller, H. P.** 1995. "Die Afrikaanse plaasroman as ideologiese refleksie van die politieke en sosiale werklikheid in Suid-Afrika", *Stilet* jg. VII:2, September.
- Van Coller, H. P.** 2006. "Die representasie van plaas, dorp en stad in die Afrikaanse prosa", *Stilet* XVIII:1, Maart.
- Van der Walt e.a. (red.) s.j.** *Geskiedenis van Suid-Afrika*, Kaapstad, ens.: Nasou Bpk.
- Van Heerden, E.** 2002. *Die swye van Mario Salviati*, Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.
- Van Koetsveld, C. E. s.j.** 13de druk *Schetsen uit de pastorie te Mastland*, Arnhem/Nijmegen: Gebrs. E & M. Cohen.
- Van Rinsum, H. J.** 2006. *Sol Iustitiae en de Kaap, een geschiedenis van de banden van de Utrechtse Universiteit met Zuid-Afrika*, Hilversum: Uitgeverij Verloren.
- Van Zyl, W. J.** 1992. "Regionale Literatuur" in: Cloete, T. T. (red.) *Literêre terme en teorieë*, Pretoria: HAUM-Literêr.
- Van Zyl, W. J.** 2007. *Elke slot 'n weerbegin*, Bellville: Departement Afrikaans en Nederlands, Universiteit van Wes-Kaapland.
- Viljoen, L.** 1993. *Karolina Ferreira*, Kaapstad, ens.: Human & Rousseau.
- Viljoen, ds. P.J.** 1949. *Ek kyk terug*, Kaapstad/Pretoria: Suid-Afrikaanse Bybelvereniging.

Wezel, R. 1993. “December 1839: Kneppelhout publiceert ‘De student-Leydenaar’” in: M.A. Schenkeveld-Van der Dussen e.a. *Nederlandse Literatuur, een geschiedenis*, Groningen: Martinus Nijhoff Uitgevers.

Note

1. 'n Volledige, in Afrikaans vertaalde uitgawe, *Tonele uit ons dorp*, Pinelands: Africana Uitgewers, het in 2007 verskyn. Aanhalings in hierdie artikel word vergesel van bladsyverwysings na die Praamstra-uitgawe, maar wanneer dit gaan om passasies of verhale wat by hom ontbreek, sal ter wille van kontrole bladsynommers in lg. uitgawe aangegee word hoewel die Nederlands behou word.
2. Burgers se werk is dus ook 'n belangrike voorloper in die ontwikkeling van die regionale literatuur in Afrikaans wat deur Roos (1998: 41) as 'n tendens van “klein-realisme” uitgewys word. Omdat haar oorsig uitsluitlik beperk is tot geskrifte in Afrikaans en tot die 20ste eeu word die kontekstuele verband buite rekening gelaat en is dit 'n voorbeeld van die leemtes wat op hierdie wyse ontstaan.
3. Pseudoniem vir Nicolaas Beets (1814-1903).
4. Daarna onttrek Burgers hom aan die situasie om staatspresident van die jong Transvaalse Republiek te word. Ook dan is sy optrede dié van 'n uiters progressiewe figuur. Kenmerkend is sy planne vir die Delagoabaai-spoorweg wat pres. Paul Kruger later met volle erkenning aan hom sou laat voltooi. Tydens 'n besoek aan Nederland ontvang hy ook 'n eredoktoraat van sy alma mater, die Universiteit van Utrecht. Hy is nogtans magteloos om sy volksraad te oortuig van die slinkse aard van die oprukkende Britse Imperialisme en moet as ontgogelde uittree wanneer Brittanje die Transvaal in 1877 sonder slag of stoot annekseer. Hy sterf enkele jare later, kort nadat Kruger en sy makkers die vryheid herwin met met die Slag van Majuba (1881).
5. Sy publiseer daaroor en sorg dat voorbeelde van die verhale in *Standpunte* (jg XXV: 4, 1972) en *Tydskrif voor Nederlands en Afrikaans* (1984-1985) verskyn.
6. Sprekend hiervan is Burgers se gebruik van die taalkundige onvermoë van die Onderveldse gewaande edelman, Pieter, (Burgers 2007:89) om sowel dié se selfoorskating as sy gebiedsgebondenheid te beklemtoon. Die man sê: “ik heef (...)jou banja te vertel”. “Heef” word hier verkeerd gebruik en die implikasie is dat dit al onder Afrikaanssprekendes soos hy 'n rariteit geword het. Terselfdertyd is die “banja” Afrikaans se bekendste leenwoord uit Maleis. Hy praat dus tegelyk “hoog” en “laag” terwyl hy in die betrokke situasie probeer deftig wees.
7. Dit is trouens 'n boek waarin dorps- en boerderygemeenskap 'n eenheid vorm en die harmonie met die natuur invloed van Thoreau se *Walden* (1854) en die ekologiese laat vermoed. Ulfers se boek voeg 'n Christelike element tot hierdie ideologiese lading toe, maar meer nie. Langenhoven se gesatiriseerde Oudtshoorn (*Sonde met die bure*, 1921, en *Herrie op die ou tremspoor*, 1925, ens.) en C.M van den Heever se *Kromburg* (1937) gaan al heeltemal aan hierdie soort idille verby.
8. Die Xhosa het pas iets minder as 'n dekadetevore hul mag as teenstanders van die koloniale opmars verloor met die sg. “Xhosa-selfmoord” van 1857 en dus die Britse bewind in die Kaapkolonie voorlopig nagenoeg onbetwis gelaat terwyl hulle in groot aantalle hul tradisionele tuistes en leefwyse moes verlaat

om as arbeiders by blankes 'n heencome te soek (vgl. o.m. Van der Walt e.a. s.j.: 258). Op hierdie stadium was die Khoisan al lank in so'n posisie. Ironies genoeg sou ook die Griekwas enkele jare na hierdie publikasie, ná die oënskynlike erkenning van hul aanspraak op die "diamantvelde", eweneens hul grondgebied en kulturele hartland verloor (Giliomee 2007: 159).

die eerste keer internasionaal met 'n eie en unieke bydrae kon laat meepraat. Hy kon dus steun op 'n literêre tradisie wat sedert die dood van Langenhoven in 1932 en die aanvang van sy eie skrywerskap in die laat jare veertig tot stand gekom het en in die luukse van 'n gevormde taal werk wat sy peetvader help smee het. Die tradisie vóór Leroux was egter, enkele uitsonderings daar gelate, 'n tradisie wat hom tot die poësie beperk het. Veral die werk van D.J. Opperman het tot hom gespreek. "Opperman", sê hy in 'n onderhoud met F.I.J. van Rensburg, "kan in die mikroskopie van 'n enkele woord die soort betekenis vind waarin ek 'n aansluiting gevind het by die dinge wat ek teen 'n langsaam tempo probeer het in 'n makroskopiese weergawe van gebeure op die gebied van die prosa." (Van Rensburg 1971: 45 -46)¹

Leroux was egter in verzet teen die skryfstyl van die destydse Afrikaanse prosa wat op skool as modelle vir hom voorgehou is en aan die hand waarvan hy geleer is om, soos hy dit in sy onderhoud met Van Rensburg stel, die beeldspraak van die Afrikaanse prosaïste na te aap. Hy het voorkeur gegee aan 'n emosielose styl met die gebruik van die gewone woord en die afwesigheid van die blomryke gedrogte wat in Afrikaans vir hom voorgehou is. Hy moes hom ook verzet teen die anekdotiese en impressionistiese (Van Rensburg 1971), veral teen die soort verhaal wat die Afrikaanse realiste met 'n lagie humor vermeng het. "Mens sien talle voorbeelde hiervan", sê hy in 'n lesing in 1960 voor die Stellenbosse Afrikaanse Studiekring, "in boekies vol sentimentele verlange na die plaas en die klein dorpie, na die valse prettigheid van plaaslike karakters; die sogenaamde 'goeie boek' waar jou verlange na 'n geïdealiseerde bestaan saam met jou verlange na volkome ontvlugting in beliggaam is." (Leroux 1980: 19)

Daarby was Leroux in rebellie teen die sug na die "groot en gawe" roman wat kritici van skrywers verlang het. Vanaf 24 Oktober tot 28 November 1952, 'n paar jaar voor die verskyning van sy debuutroman *Die eerste lewe van Colet*, publiseer *Die Huisgenoot* 'n reeks artikels waarin kritici landswyd oor die stand van die Afrikaanse prosa besin. Daarin word gewys op die stilstand wat daar in die prosa gekom het. In een van dié artikels wat onder die opskrif "Ons hoop is op die ongeborenes gevestig" verskyn, skryf W.E.G. Louw hy is daarvan oortuig dat daar vandag nie enige goeie roman in manuskripvorm bestaan wat tevergeefs by 'n uitgewer ingedien is nie. "Alle manuskripte, goed, redelik goed, middelmatig en selfs swak," gaan hy voort, "vind m.a.w. in ons tyd wél 'n uitgewer. Dit is bowendien nie slegs vandag die posisie nie, maar is reeds die afgelope tien of vyftien jaar die geval. [...] Ek laat my [...] nie vertel dat daar vandag ook maar één ordentlike roman geskryf word wat nie, byna voordat die ink droog is, ook 'n uitgewer kry nie. [...] Ons enigste hoop is dus dié skrywers wat wel tot goeie werk in staat is, en die nuwe skrywers wat miskien nog gebore moet word." (Louw 1958: 142-144)

Vir Leroux, wat jare lank gesukkel het om sy eerste roman gepubliseer te kry,

was hierdie woorde van W.E.G. Louw, wat onder die opskrif “Ons hoop is op die ongeborenes” verskyn, ’n bietjie onbehaaglik, terwyl die sug om die “ongeborenes” by hom die indruk gelaat het dat hy en Jan Rabie maar hulle penne kan neerlê en hulle tikmasjiene kan wegpak. Vyf jaar later vra die SAUK ’n twaalfstal skrywers en kritici om te besin oor die vraag *Wat van ons letterkunde?* In hierdie reeks, wat in brosjurevorm gepubliseer word (Van Lille 1957), oorheers die klagtes oor die gehalte van die Afrikaanse prosa. Van Wyk Louw wys op die stilistiese onvermoë van baie ouer prosaskrywers en die gemis aan romans wat ons “groot” en “groots” kan noem, wat “iets van die eindelose rykdom van die werklikheid [...] gee, iets van die ellende, die grootsheid en die verskrikking van die lewe, iets van die mens in sy bietjie deug en sy groter sondigheid”. Volgens Rob Antonissen beskik ons in Afrikaans oor heelwat voortreflike prosa “in humoristiese, anekdotiese, moralistiese, regionalisties-tiperende en joernalistiek-causerende trant, met name in die genres van vertelling, novelle, kortverhaal en skets”. Die verontrustende verskynsels lê volgens hom onder meer “in die amper volslae afwesigheid van die roman wat die angswekkende probleme van ons bestaan in hierdie land en van ons bestaan-sondermeer pakkend in beeld sou bring”.

Leroux was in verzet teen die oproep om grootse karakters en ’n greep op die werklikheid na die voorbeeld van die groot Russiese skrywers, aangesien dit ’n moderne, eksperimentele soort roman aan ’n tradisionele stylpatroon wou meet. ’n Paar jaar later sou hy uitdruklik verklaar dat die roman van die toekoms juis anders daar sal uitsien: minder konvensionele “karakteruitbeelding” van die persona in al sy fasette, “maar eerder ’n gebruikmaking van die karakters om ’n agterliggende tema te illustreer” (Leroux 1980a: 21). Die driedimensionele roman, reken hy, sal in die toekoms deur die sogenaamde “entertainers” goed genoeg geskryf word (Leroux 1980a: 21).

Ten spyte van hierdie rigting waarin hy toenemend sou werk, het Leroux nie sy Afrikaanse herkoms verloën nie. In sy werk is daar byvoorbeeld talle raakpunte met Langenhoven, veral die intertekstuele verhouding tussen werke, soos dié tussen *Sewe dae by die Silbersteins* en *Een vir Azazel* wat wesenlik ’n voortsetting en uitbouing is van die verhouding tussen Langenhoven se *Herrie op die óu trempóór* en *Sonde met die bure*. Verskeie tonele in *Herrie* speel terug op sekere episodes in *Sonde*, telkens met die omdop van situasies: terwyl Neelsie vroeër verwens en vervolgd is, word hy nou feestelik onthaal en met verskuldigde ontsag vereer. Daarmee ontstaan daar ’n boeiende wisselwerking tussen die twee boeke. Die Afrikaanse literatuur sou tot Etienne Leroux moes wag voordat iets soortgelyks verder uitgebou word: dr. Johns wat in *Een vir Azazel* aan speurdersersant Demosthenes H. de Goede al die plekke uitwys wat Jock en Henry agtien jaar tevore in *Sewe dae by die Silbersteins* besoek het, nou egter telkens met die aksent op die verval wat sedertdien ingetree het.

Dit is egter veral deur die wyse waarop Leroux die satiriese aanslag verfyn dat hy

by Langenhoven aansluit. Om Langenhoven se gebruik van die burleske geestigheid te illustreer, kan 'n mens verwys na die dronk bruin man wat tydens die oorstroming in Meiringspoort sing-sing op 'n stomp in die rivier afgedrywe kom; toe hy naby was, kon hulle hoor hy sing "God save the King". Wanneer hy die olifant sien, begin hy egter dink hy ly aan hallusinasies "en roep op 'n ander wysie boontoe. Dis nog niks om slange en rotte te sien wat nie daar is nie; 'n mens word daaraan gewënd; maar olifante! Gelukkig kry hy 'n ander stomp beet. Maar ek twyfel of dit hom op die lange duur verder gehelp het. Ons het later gehoor dat hy deur Oudtshoorn se distrik met Olifantsrivier af is, al singende 'rule Britannia'. En die laaste berigte wat van hom bekend is, is dat hy onder Gouritzrivier se brug deur is see toe met die laaste van sy drie liedere. Dit was 'Home Fires.'" (Langenhoven 1973b: 92) Eers meer as veertig jaar later sou Langenhoven se peetseun Etienne Leroux hierdie tipe bizarre soort toneel verder uitbou wanneer daar by die huwelik van Henry en Salome in die slothoofstuk van *Sewe dae by die Silbersteins* en by die gradeplegtigheid in *Een vir Azazel* allerlei liedjies gespeel of gesing word.

In watter mate Leroux die geestige van Langenhoven se spel met die liedjies tot iets grotesk uitbou en daarmee sy roman tot 'n besondere klimaks opwerk, sien 'n mens in die stenigingstoneel en die dood van die Reus aan die slot van *Een vir Azazel*. Terwyl "die maskers [...] eentonig in die verte (dreun)" (Leroux 1964:155) en speurdersersant Demosthenes H. de Goede hom gereed maak vir sy taak, sing die aangroeiende massa in die saal liedjies, onder meer "Siembamba, Mamma se Kindjie" wat met sy wrede wending ("gooi hom in die sloot, trap op sy kop dan is hy dood!") (156) na die Reus se bewussynstroom (in die "Succubus"-gedeelte van die "Quibus auxiliis"-hoofstuk) terugverwys en sy dood in die vooruitsig stel. Soos telkens in sy werk maak Leroux hier gebruik van die jukstaponeering van die gegewens. Terwyl die gradeplegtigheid, waartydens Jock en Henry eregrade ontvang, in al sy kleinburgerlikheid aan die gang is, verwys die professor in sy motivering na die gekwelde gemoedere van die menigte, die "morele verantwoordelikheid" by die mens en "die ondraaglike gevoel van disintegrasie sonder die moontlikheid om blaam te werp", (161) wat regstreeks skakel met die hoofmotief van die roman. En terwyl sowel Jock as Henry tydens die seremonie die duisternis intuur en Henry vermoed "dat iets oneindig belangriks êrens gebeur", (161) word die Reus "vervul met 'n onweerstaanbare hunkering" (158) om ook by die vergaderde menigte aan te sluit en deel van hulle te word. Toe die eerste klippe wat die inwoners "ter wille van Lila" (159) gooi, hom tref, meen die Reus aanvanklik dat hulle met hom speel en dat hy as uitgeworpene vir die eerste keer deur almal aanvaar word. Intussen het die speurdersersant as jong held van die menigte aangekom en gaan hy tot die handeling oor. Die stryd is 'n verbinding van 'n boks-, stoei- en bulgeveg en 'n travestie van die oeroue stenigings- en sondebokritueel, terwyl die mite van Herakles se stryd

teen die reuse (onder meer die wyse waarop Porphurion, Ephialtes en Eurutos gedood word) in die beskrywing meespeel en die teleskopering van klassieke oudheid en hedendaagse banaliteit iets skrypends en grotesks aan die gegewe toevoeg. En wanneer die taak volbring is en die speurdersersant sy ephialtion vir Hope aanbied, word die Reus deur die maskers gespoel terwyl die verrigtinge – in ’n meesterlike uitbouing van die jukstaponeringstegniek – in die saal met die “lied van die Stigting” en die “hoera’s vir die alumni”(167) tot ’n einde kom. Wat ’n mens veral opval, is hoe voortrefflik Leroux daarin slaag om die lagwekkende, geestige en – om Robert Graves in verband met Herakles se stryd teen die reuse aan te haal – “the farcical incidents of the battle” Graves 1964: 133) op so ’n wyse met die grusame, bizarre, groteske en absurde te verbind dat daar uiteindelik iets ontsettend droewigs lê in die wyse waarop die Reus hier sy einde bereik.

In Langenhoven se werk is daar dus veel meer groeilote vir die latere ontwikkeling van ons letterkunde aanwesig as wat die kritiek tot dusver kon agterhaal. Langenhoven se geestigheid, waarby Leroux aansluit maar veel verder voer, is ’n geestigheid wat ver verby iemand soos Jochem van Bruggen se humor-realisme verbyspoel, ’n lugubere geestigheid wat by tye aan die onbeheerste grens. Wanneer die dominee in *Herrie op die óú tremspóór* byvoorbeeld begin lag, is dit erger as sy suur gesig. Hy praat nog “Hooghollands – dit wil sê ’n sonderlinge vorm van sewentiende-eeuse skryftalige Hooghollands wat geen Hollander praat nie en geen ander lewende siel op aarde ook nie buiten ds. B. en sy koster”.(Langenhoven 1973a: 130) Langenhoven bereik verder ’n geestige effek deur ’n spel met woorde en klanke wat tot ’n besondere soort onsin of taal-absurdisme lei. Wanneer die dominee op besoek kom, sê die sprekende Kerneels dat Vrutjie en Engela albei so ’n “herderlike besoek” (130) baie nodig het: “Die een is swaarsinnig, die ander ligsinnig, terwyl ek tydelik swaksinnig is en ontoerekenbaar.” (130) Wanneer Kerneels probeer om by die magistraat uit te kom maar slegs tot by die een of ander klerk kan vorder, sê hy: “Ek wil nie spreek nie, ek wil praat. Sonder Batavismes en Anglismes en Germanismes en Krismis en disnis en al sulke soort bisnis.”(166) En wanneer die hoë magistraat uiteindelik binnekom, reageer Kerneels op ’n wyse wat ’n Langenhoven-spreuk waardig is: “Jy sal dikwels vind dat die hoë mense minder hoog is as die minder hoë.” (166)

Teenoor Langenhoven is Leroux se blik op sy dorp Koffiefontein en die plaaslewe afwisselend geestig, satiries en ironies, iets wat hoogtepunte bereik in sy verhaal “’n Dag in Berg-en-Dal”, die “Ballet van die boere”-hoofstuk in *Sewe dae by die Silbersteins* en hoofstuk 8 van die “Quis?”-afdeling van *Een vir Azazel*. Die kleindorpse, gemoedelike lokale realisme van die ouer Afrikaanse prosa en die tradisie van die plaasroman word by Leroux omgetower tot ’n fantasie waarin die alledaagse en banale skielik ’n nuwe aansyn kry. Dit is ’n procéd e wat orals in Leroux se romans verspreid lê, maar ook in briewe aan vriende vind ’n mens die satiriese aanslag wat hy met sy ongewone optiek

op die kleindorpse verbind. In 'n brief aan Ingrid Winterbach, die mej. X van sy roman *18-44*, gee hy in 'n skitterende satire 'n beeld van hoe hy verplig was om as lid van die skoolkomitee 'n toespraak ter ere van die vertrekkende skoolhoof te hou:

Ek het om die een of ander ongodelike rede op Koffiefontein se skoolkomitee beland en ons moes 'n prinsipaal kies en ek moes 'n toespraak hou waarin ek die vertrekkende prinsipaal heuning om die mond smeer. Daar was omtrent 300 mense in die saal, omring deur kocksisters en roomkoeke, en tert en blomme, en koffie en tee en water, en ruikers en vrouens pas gebad en stinkend van biën-etre (dit harmonieer nie met elke vrou se sweet in hierdie hitte nie), en mans met hulle gesigte deurgeskeer en hulle verstand agter hulle bulbêre oë vasebrand in die friksie tussen gewoonte en denke. Daar was een goddêm toespraak na die ander voordat ek aan die beurt kom terwyl ek by die hoofafel, omring deur gladioli, een kranksinnige gesig na die ander tussen die goddelike blomme sien. Die eregaste sit in 'n lang ry onder die verhoog, gepaar deur die vrou van die seremoniemeester: 'n sataniese paring wat tandelose grysaards naas mekaar stel met meisies voor puberteitsjare. Intussen sweet ek bloed terwyl ek wag om aan die beurt te kom en snaaks genoeg ek het al toesprake by verskeie universiteite gehou maar hierdie keer kon ek dit net nie vat nie. Toe besluit ek om hulp te soek by wie ook al langs my sit. (Ek het nog nie na haar gekyk nie – ek, die Zombie van die skoolkommissie.) Het jy geweet dat daar mooi vrouens van 50 jaar is? (Dink maar aan Marlene wat heelwat ouer in Hollywood is.) In elk geval, hierdie hooggeplaaste onaantasbare was besonder ooglik, met 'n behoorlike figuur en 'n parfuum wat nie vloek teen die hitte nie. Ek raak ontslae van 'n paar clichés en ek let haar ooghoeke op. (Baie openbarend.) Ek sien 'n miniatuur Pan wat haar tokkel met sy prikkel agter die masker van hooggeplaaste welvoeglikheid. Toe dink ek: foci tog, die arme vrou wat gedoem is om vir die res van haar lewe weens haar man se posisie aand vir aand stilletjies deur Pan getokkel te word terwyl sy die masker elke keer welvoegliker moet smeer.

Ons word onmiddellik boesemvriende. Ek wil met my kop op haar skoot gaan lê. Agter 'n behoorlike uiterlike speel ons heerlik saam; voor die kranksinnige oë van die dorpslui speel ons ons verbode speletjie, en toe ek aan die beurt kom om te praat toe donder my stem tot in die uithoeke van die saal. Ek vat die vertrekkende prinsipaal en ek plaas hom op die gewyde berg met 'n stralekrans om sy hoof; ek verhef die banaliteit van die dorpsbestaan tot iets uit die Goue Ecu; sy geringste beweging was deel van 'n olimpiade; sy wysheid was silwer, sy tong was goud – ek voer die hekse in hulle borstrokke tot 'n asmatiese gesug van wellus; ek kondisioneer hulle mans uit hulle groentebestaan; ek stuur die tiener-kindere daar op die galery in vervoering sodat hulle in trosse van die balke hang; ek dryf almal tot raserny – ek vervorm die kock-en-koffie-afskeid tot 'n onbeskryflike orgie terwyl die vyftigjarige groen-oog-vrou se Pan haar masker breek en sy in onbeskryflike ekstase in stukies van afsonderlike genot wegbrokkel. Die dorpie smeul in sy puin; daar is orals saters wat oorblywende nimfe vermorsel.

Toe my toespraak begin, donder my stem teen die verste mure.

- Die vyftigjarige vrou se masker knik instemmend voor elke cliché wat ek uit volle bors uiter.
- Die kranksinnige mans en geespede vrouens luister respekvol na die lid wat namens die

skoolkommissie praat en die prinsipaal veilig na verdere gemiddeldheid stuur.

(Die waarheid tussenin: ek het vir die mooi 50-vrou gesê dat ek senuweecagtig voel en sy het my hand 'n geringe drukkie gegee toe ek opstaan om te praat. Ek het haar hand teruggedruk en vir 'n oomblik het dit soos die vlerke van 'n swaeltjie in die holte van my hand getril. Ons het goeie vriende geword, want sy is nie onintelligent nie. Ons het, intelligent, vriende geword want sy is nie heeltemal goed nie. Sy was die kruiser en ek was die kotter wat in die nag verbygevaar het.) (Kannemeyer 2008: 116-117)

IV

Die vraag kom ten slotte by 'n mens op watter blik Leroux op die wesentlike Langenhoven gehad het. Toe hy in die jare sestig op uitnodiging van Merwe Scholtz 'n bydrae oor Oudtshoorn vir *Wynland* moet skryf, roep hy Langenhoven in sy verbeelding op soos hy deur Hoogstraat moet geloop en in die Koffiehuis gaan sit het: “Loop maar deur Hoogstraat, kyk regs op in die besigste gedeelte, gebruik jou verbeelding en jy sal die Koffiehuis sien waar Langenhoven ('n skrywer en ook 'n legende – as persoon en as skrywer) elke môre met 'n swierige kerie en 'n magnolia² vasgesteek aan sy lapel sy intrede maak, omring deur bewonderaars wat wag vir kwinkslae en aforismes gerig teen sy geliefde vyande: die Engelse, die Engelse Afrikaners, die Sappe, die Filistyne. 'n Man met die voorkoms van 'n romantiese poëet, met die eensaamheid van iemand wat sy tyd jare vooruit is – iemand wat eintlik sy talent verspil het om sy eie mense te leer lees omdat hy deernis vir sy eie in sy hart gehad het en in die proses iets opgeoffer het waarvan niemand geweet het nie. 'n Pionier wat 'n slagoffer geword het van sy lotsbestemming om pionier te moet wees. Altyd omring deur bewonderaars wat dikwels nie die nuanses van sy verset begryp het nie. Ek was destyds te jonk om te begryp. Vandag dink ek dikwels aan hom soos aan 'n Oscar Wilde. Jy kan lees wat hy geskryf het; sy persoonlikheid en wat hy gesê het, leef alleen in die herinnerings van dié wat dit binne hulle begripsvermoë en die raamwerk van hulle denke tweedehands kan weergee.” Leroux 1980b: 71)

Wat Leroux hier skryf, is in 'n groot mate 'n verbeeldingsvlug, want dit is onwaarskynlik dat Langenhoven letterlik en daaglik deur bewonderaars omring was wanneer hy gaan koffie drink het. Dit is egter een van die treffendste en indringendste blikke op die essensie van Langenhoven wat al ooit op skrif gestel is: die reaksie van een kreatiewe gees op 'n ander. As iemand wat self skryf, kon Leroux hier tot die wese van Langenhoven deurdring: iemand wat uit deernis vir en in belang van sy agterlike en veragte mense nie aan sy eie genialiteit kon laat reg geskied nie, wat sy kuns moes inspan ter wille van die stryd en daarmee die hoogste offer gebring het wat 'n skrywer kan bring; om sy kuns af te skaal in diens van die gemeenskap vir wie hy skryf. Leroux maak hierdie uitspraak in die eerste plek na aanleiding van Langenhoven se skeppende werk, maar dit is ook en veral van toepassing op die veelvuldige toesprake en ander politieke geskrifte wat hy deur die jare moes hou. Uit

meelwing met sy mense het Langenhoven tot die politiek toegetree, omdat hy die wetgewende pad as die enigste weg gesien het waarlangs Afrikaans as taal tot sy reg sou kom. As volksopvoeder, 'n taak wat die tydsomstandighede op hom gelê het, moes hy noodwendig sy toegewings aan die publiek maak en sy betoë so bevatlik as moontlik skryf. En as partypolitikus was hy gebonde aan sy besondere politieke groepering se kyk op sake, selfs al het hy dan dikwels 'n eie individualistiese Langenhoviaanse stempel daarop afgedruk. As partypolitikus moes hy sy visie beperk en met oogklappe na dinge kyk.

Toe Leroux in Langenhoven se eeufeesjaar (1973) deur 'n Engelse koerant gevra is om iets oor hom te skryf (Kannemeyer, 2008:45), waardeur hy Langenhoven se rol as taalstryder en die wyse waarop dié skrywer deur sy werk 'n spieëlbeeld was van die Afrikaanse gemeenskap, wat op daardie stadium 'n bepaalde kulturele sofistikasie begin ontwikkel het, al is sy satire en humor vandag vir ons 'n herinnering aan dinge wat verby is. Dan kom Leroux by wat hy as die grootste gebrek in Langenhoven beskou: “He had no quarrel with the universe” – 'n besonder raak formulering wat kernagtig die gebrek aan 'n dieper dimensie in Langenhoven se oeuvre saamvat. Die enkele kere dat Langenhoven wel gemeen het hy sê iets wesentliks omtrent die mens en sy plek op aarde, is dit teleurstellend om te sien hy besef klaarblyklik nie dat 'n gedig allereers deur woord en beeld moet meevoer nie. Alles dui daarop dat Langenhoven byvoorbeeld “Die Vallei van die Skaduwee van die Lewe” (Langenhoven 1973d: 137-141), as een van sy belangrikste werke beskou het. Maar tog gaan dié gedig, soos trouens so baie ander verse van Langenhoven, mank aan slaafse skemagehoorsaamheid en die afwesigheid van oorspronklike beelding. 'n Mens vermoed dat hy 'n gedig in die eerste plek gesien het as iets waardeur hy 'n sekere gedagte onder woorde kon bring, nie as 'n kunswerk wat juis allereers deur woord en beeld die leser moet meevoer nie. Dit is teleurstellend dat hierdie elementêre insig by Langenhoven ontbreek het, te meer omdat hy in sy verhale en sy essayistiese en betogende prosa die leser wel deeglik deur sy verrassende woordgebruik en voorstellings kon oortuig. Miskien was hy, wat die digkuns betref, te veel vasgevang in ou konvensies waaruit hy nie kon loskom nie. Miskien was hy in werklikheid geen digter nie en het slegs die tydsomstandighede hom daartoe verlei om by geleentheid sy hand aan die verskuns te waag.

Die afwesigheid van 'n “quarrel with the universe” hang egter ten nouste saam met Langenhoven se opvatting van die taak van die kunstenaar, 'n siening waarin Leroux met sy romans baie ver van sy peetvader af sal beweeg. In sy verhaal *Die Krismiskinders* (1926) verteenwoordig die drie kinders drie vorms van die skeppende kuns: die musiek, die literatuur en die skilderkuns. Wanneer hulle as gevangenes deur die Koning van die Donker na sy grotte weggevoer word, kan hulle nie hul kuns voortsit nie en wag hulle totdat hulle na die lig geroep word. “My kuns”, sê Talie, 'n antwoord wat ook vir haar broers geld, “is in diens van die land van die Koning van die

Lig. Van daardie diens sal niks wat jy kan doen my afvallig maak nie. My kuns is vir my heilig. My kuns is die kuns van skoonheid, en van soetheid, en van liefde. My kuns is die kuns van die lewe en nie die kuns van die dood nie.”(Langenhoven 1973c: 336) Aan die slot van *Die Krismiskinders* het Langenhoven sy eie opvatting van die kuns geformuleer, in elk geval dié soort wat hy in sy “ernstiger” werk nagestreef het. Telkens sal ons by hom ’n reaksie vind teen strominge soos die naturalisme, die onnodige distorsie van die werklikheid en ’n beheptheid met die skadukante en die liederlikheid van die mens. Basies was hy ’n kunstenaar van die lig en het hy ’n idealistiese standpunt ten opsigte van sy ambag ingeneem. Langenhoven se demoon was een van die goeie engele wat, soos Clifford Dymont se sonnewyser, die “history of night” vermy en slegs “the graph of light” karteer. (Opperman 1959: 54) Basies was Langenhoven ’n kunstenaar van die lig en het hy ’n idealistiese standpunt ten opsigte van sy ambag ingeneem. Dit is die besondere taak van die kunstenaar, so stel hy dit in “Die roeping tot verheerliking” in *Die opdraande pad*, om die lewe om te tower. Sonder idealisme sou die mensdom tot “skraapsugtige en gevoellose diere” (Langenhoven 1973e: 395) ontaard. “Daarom”, so gaan hy voort, “is daardie uitverkorenes daar, en daarin lê hulle roeping, om die werkers op die skoonheid van die berge te wys en op die blomme wat tussen die dorings pryk.” (Langenhoven 1973e: 396) En in hierdie verheerliking en verédeling van die lewe lê vir hom die diens van die kuns.

Teenoor sy kritiek op wat hy as die ernstigste beperking van Langenhoven se werk beskou, spreek Leroux dan sy waardering uit vir wat Langenhoven wel gedoen het: “But he was very much involved with the political situation and the state of society of his day. He used the barbs of satire as well as gentle humour to bring about a change. He proved that this could be done in the Afrikaans language. The sort of subtlety involved in this medium was a welcome relief from the ponderousness of Afrikaans prose in general. After Langenhoven many writers tried to imitate his style of satire and humour, but they could not achieve his genius. In many cases their method was watered down to sarcasm and a wishy-washy kind of funniness. I think that Langenhoven, were he alive today, would have destroyed the bogus on the political and social scene with greater effectiveness than any present day prose writer in Afrikaans.” Dan kom hy by Langenhoven se grootste bydrae: “It is well known that the great contribution of Langenhoven was to inspire the Afrikaner to read. That was his great collective contribution; and it forced him in a sense to be versatile. He wrote plays, novels, essays, poems, children books, ghost stories, detective novels, science fiction etc. In the development of Afrikaans writing and the language struggle Langenhoven achieved an honoured position. It is seldom that a *writer* during his lifetime and afterwards should become the hero of his countrymen in all walks of life.” Tog meen Leroux het Langenhoven daarvoor ’n prys betaal: “His spiritual energy was overtaxed. As ‘U dienswillige dienaar’ his scope was too wide to fully exploit his true metier as satirical novelist.”

Wat Leroux hier sê, bring 'n mens ten slotte terug by die tydsomstandighede waarin Langenhoven moes werk en die pionierswerk wat hy noodgedwonge moes onderneem. Langenhoven was, om met Van Wyk Louw se Dias te praat, altyd op die “voorpunt” (Louw 1959: 8) van die stryd om die uitbouing van Afrikaans, al het hy besef dat hy van tyd tot tyd sy geduld moes sluk, “terwyl [hy] op die wêreld wag”. (Louw 1959: 10) Daar was iets van die besete pionier in Langenhoven in sy uitreik na “die drif Volmaking” (Louw 1959: 30) en daarom ook, soos Leroux tereg uitwys, iets van die eensaamheid van iemand wat sy jare vooruit was en slagoffer geword het van sy lotsbestemming om pionier te wees. “My werk is deur die lot verstrik met mense” (Louw 1959: 31), sê Van Wyk Louw se Dias wat uiteindelik, as hy deur sy matrose gedwing word om die terugvaart na Portugal te begin, tot insig in die historisiteit en tydgebondenheid van sy taak en menswees kom:

Vir elke daad is daar 'n tyd:

streef jy

alleen, dan breek jy, Heersend, stil en heerlik

trap bo-oor jou jou eeu, al haat jy hom,

al roep jy om genade; al slaat jy hom,

jy slaan teen staal. (45- 46)

Met sy werk as taalstryder het Langenhoven die fondament gelê vir latere skrywers soos sy peetseun om op voort te bou en kunswerke te lewer waarmee Afrikaans in die internasionale arena van die literatuur hoorbaar kon word. Langenhoven se daad van geloof in 'n ongerekenende en onontwikkelde taal het dus lote oor die aarde uitgestoot waarvan hy nouliks kon droom. In die werk van Etienne Leroux en ander skrywers kon die volle orkestrale verskeidenheid van Afrikaans begin klink op 'n wyse wat nog nie vir die pioniere van die taal moontlik was nie. Aan die einde van sy lewe kon Langenhoven egter indrukwekkend skryf oor wat Afrikaans vir hom beteken, woorde wat ook van toepassing is op wat Etienne Leroux en ander skrywers ná die vroeë pioniere kon bereik: “In ons wonderlike Afrikaans, gebore uit die nederige behoeftes en die ongeunstelike siel van die onbevoorregte platteland, die boer en die bywoner, die veewagter en die dagloner, waarin jy alles kan sê, van die laagste tot die hoogste, van die vuilste tot die reinste, van die lelikste tot die skoonste, beter as in al die hoogontwikkelde tale van die wêreld, het ek gevind my pêrel van grote waarde waarvoor dit 'n goedkoop prys sou gewees het, as ek tot die betaling geroepe was, om al my ander besittings af te staan.”

Bibliografie

- Graves, R.** 1964. *The Greek myths I*, Harmondsworth, Penguin.
- Kannemeyer, J.C.** 2008. *Leroux: 'n Lewe*, Pretoria, Protea Boekhuis.
- Langenhoven, C.J.** 1923. Aan stille waters, *Die Burger*, 29 Januarie.
- Langenhoven, C.J.** 1973a. *Herrie op die óú tremspóór, Versamelde werke*, deel 2, Kaapstad: Tafelberg.
- Langenhoven, C.J.** 1973b. *Sonde met die bure, Versamelde werke*, deel 2, Kaapstad: Tafelberg.
- Langenhoven, C.J.** 1973c. *Die Krismiskinders, Versamelde werke*, deel 5, Kaapstad: Tafelberg.
- Langenhoven, C.J.** 1973d. Die Vallei van die Skaduwee van die Lewe, *Die pad van Suid-Afrika, Versamelde werke*, deel 7, Kaapstad: Tafelberg.
- Langenhoven, C.J.** 1973e. Letterkundige styl, Die opdraande pad, *Versamelde werke*, deel 10, Kaapstad: Tafelberg.
- Langenhoven, C.J.** 1973f. Afrikaans as voertaal, *Ons weg deur die wêreld III, Versamelde werke*, deel 10, Kaapstad: Tafelberg.
- Langenhoven, C. J.** 1973g. U dienswillige dienaar, *Versamelde werke*, deel 12, Kaapstad: Tafelberg.
- Leroux, E.** 1964. *Een vir Azazel*, Kaapstad: Human & Rousseau.
- Leroux, E.** 1980a. Die mens, en veral die skrywer, op soek na 'n lewende mite, *Tussengebied*, Johannesburg: Perskor.
- Leroux, E.** 1980b. *Tussenspel*, Johannesburg: Perskor.
- Louw, N.P. van Wyk.** 1959. *Dias*, derde druk, Kaapstad, Nasionale Boekhandel Beperk.
- Louw, W.E.G.** 1958. *Vaandels en voetangels*, Kaapstad, A.A. Balkema.
- Opperman, D.J.** 1959. *Wiggelstok*, Kaapstad: Nasionale Boekhandel Beperk.
- Van Lille, M.M. (red.)**. 1957. *Wat van ons letterkunde*, Johannesburg: SAUK.
- Van Rensburg, F.I.J.** 1971. Etienne Leroux in gesprek met F.I.J. van Rensburg, *Gesprekke met skrywers I*, Kaapstad, Tafelberg.

Note

1. Van Rensburg gee Leroux se gedagte hier met die woord “mikroskopiese” weer, maar in die konteks behoort dit “makroskopiese” te wees. Daarom wysig ek die teks.
2. Leroux bedoel hier 'n katjiepiering!

De prekenbundel als getuigenis - Standaardafrikaans in de vroeg twintigste eeuw

H.P. Grebe

Ana Deumert has convincingly argued that the internal history of Afrikaans had often been judged too simplistically. It is not likely that Standard Afrikaans was based on any single dialect. From the end of the nineteenth up to the early twentieth century Standard Afrikaans was deliberately constructed on the basis of a continuous spectrum of variation ranging from metropolitan Dutch and its marilectal and acrolectal varieties to the mesolects and basilects at the bottom of the variety continuum. Based on a collection of handwritten sermons in Afrikaans of my grandfather from between 1907 and 1940 I shall argue that Deumert's hypothesis of Standard Afrikaans being the result of a deliberate process of construction continuing until the early twentieth century is strongly supported.

1. Inleiding

De centrale stelling van Ana Deumert in haar studie over de standaardisering van het Afrikaans (2004) is dat taalverandering aan de Kaap niet heeft geleid tot een strak systeem van diglossie met aan de ene kant als *hoge variëteit* het Nederlands en zijn acrolectische variëteiten en aan de andere kant als *lage variëteit* het basilectische Kaaps-Hollands.¹ Volgens Deumert is de ontwikkeling van het Afrikaans tot standaardtaal bijgevolg niet reduceerbaar tot de vervanging van het Nederlands door een lage variëteit ervan, i.e. een bepaalde vorm van het Afrikaans die er als het ware sinds honderd jaar van tevoren op lag te wachten.² De taalstratificatie (sociaal, geografisch en etnisch) was volgens Deumert veel complexer.

Er ontwikkelde zich aan de Kaap een breed spectrum van spreekwijzen, die zijn blijven voortbestaan tot aan het begin van de twintigste eeuw. Deze zienswijze wordt gedeeld door Den Besten (1989) en Roberge (1995). Zij beschouwen de standaardisering van het Afrikaans immers niet als een rechtlijnig proces, maar als het samenlopen van meerdere ontwikkelingslijnen en varianten. Hieruit werd op basis van bepaalde sociale en politieke ontwikkelingen aan de Kaap bewust een nieuwe standaardtaal *geconstrueerd* die ten doel had als drager te dienen van bepaalde politieke en sociale idealen, door opvallend te contrasteren met het Standaardnederlands van het moederland (Grebe 2009: 23- 34).

Anders dan de rechtlijnige en betrekkelijk snelle ontwikkelingsgeschiedenis waar de Zuid-Afrikaanse Filologische School (vergelijk noot 2) vanuit gaat, concludeert Deumert op grond van haar onderzoek dat het Afrikaans zich langzamer heeft ontwikkeld dan aanvankelijk werd gedacht. Zij onderzocht een corpus Kaapse teksten (het Corpus Kaaps-Hollandse Correspondentie)³ waaruit blijkt dat de variatie zich voortzette tot ver in de 20e eeuw.

Deumert (2004: 221–222) onderscheidt de volgende acht linguïstische variabelen die volgens haar diagnostisch relevant zijn voor een beschrijving van het Afrikaans als een onafhankelijk systeem tegenover het Nederlands:

- i. verlies van woordgeslacht; t.w. het verlies van *het*, tekenend voor de afwezigheid van congruentie tussen het lidwoord of demonstratief, adjectief en onzijdig naamwoord (“variable gender”);
- ii. verlies van persoons- en getalonderscheid in de tegenwoordige tijd van hoofdwerkwoorden (“variable verb”);
- iii. verlies van infinitiefslectie (“variable INF”);
- iv. verlies van deelwoordsflectie (“variable PP_T en PP_EN”);
- v. verlies van het imperfectum en generalisatie van het perfectum bij hoofdwerkwoorden (“variable TENSE”)
- vi. gebruik van Afrikaanse voornaamwoorden (*ons, hulle, dit, my/sy*) (“possessive”) en betrekkelijk *wat* (“variable pronoun”);
- vii. generalisatie van de om... *te*-infinitief (“variable OM TE”);
- viii. gebruik van *nie-2* (“variable NIE2”);
- ix. gebruik van objects-*vir* (variable VIR).

Tijdens het standaardiseringsproces moest er tussen concurrerende vormen en constructies worden gekozen. Het Corpus Kaaps-Hollandse Correspondentie van Deumert laat zien dat er tot in de vroeg twintigste eeuw nog een grote variatie was aan kenmerken die het Afrikaans als verschillend van het Nederlands markeerden. Maar tijdens de periode dat het Afrikaans als drager van het nieuwe nationale gevoel bijgeslepen moest worden, werd er allicht ten gunste van kenmerken beslist die niet noodzakelijk tot een bepaald lect behoorden.

Deze visie van Deumert houdt in dat datgene dat we vandaag de dag als Standaardafrikaans herkennen bewust werd geconstrueerd uit een breed spectrum van spreekwijzen door taalentrepreneurs⁴ die zich ten doel stelden de ‘eerlijke’ landadel een stem te geven tegenover een hovaardig koloniaal bestel. In het streven naar de constructie van een eigen identiteit heeft ook het Afrikaner nationalisme⁵ een niet onbelangrijk aandeel gehad in de strijd voor de opwaardering van het Afrikaans tot ambtelijke taal.

Deze “Constructie”-hypothese berust empirisch tot op heden alleen op Deumerts onderzoek van het Corpus Kaaps-Hollandse Correspondentie. In wat volgt wil ik naar aanleiding van een andere verzameling vroeg twintigste-eeuwse teksten proberen om Deumerts hypothese kracht bij te zetten.

2. Een vroeg twintigste-eeuws corpus preken

Onlangs ben ik in het bezit gekomen van een verzameling handgeschreven preken van mijn grootvader, een van de eerste predikanten van de Nederduits Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika die in het Afrikaans begon te prediken. Uit een eerste voorlopig onderzoek van dit corpus blijkt dat minstens een deelverzameling van de hierboven vermelde onderscheidende kenmerken van het Afrikaans tot in de eerste kwart van de twintigste eeuw, anders dan in modern Standaardafrikaans, nog niet categorisch was. Er kwam ook een andere verreikende gevolgtrekking uit naar voren. Maar met de onthulling daarvan wacht ik nog even.

Philippus Petrus van der Merwe werd op 3 augustus 1887 geboren op Badsfontein, een boerderij (“plaas”) in de omgeving van Murraysburg midden in de Grote Karoo. Hij overleed 30 augustus 1951. Hij ging eerst naar een zogenaamd plaasschooltje en later naar een school in de belangrijkste plaats van de Karoo, Beaufort-Wes. Omdat hij de jongste zoon was erfde hij geen grond, maar werd hij van huis gestuurd “om zijn geleerdheid te halen”. Hij ging naar het Victoria-Kollege te Stellenbosch waar hij in 1914 afstudeerde aan het Theologisch Seminarium van de Nederduitsch Gereformeerde Kerk. Hij vertrok als proponent naar de toenmalige Oranje-Vrijstaat waar hij op 19 juni 1915 werd geordend en bevestigd als eerste predikant van de gemeente Hobhouse. In 1923 aanvaardde hij een beroep om naar Salisbury in het toenmalige Zuid-Rhodesië te gaan, waarna hij achtereenvolgens in George en Clanwilliam in de Kaapkolonie predikant was. In 1939 ging hij met emeritaat wegens zijn zwakke gezondheid. Hij bleef niettemin actief en betrad de preekstoel in zijn thuis- en omliggende dorpen nog regelmatig.

Het “Hollandse” karakter van het Theologisch Seminarium dat in 1859 in Stellenbosch werd opgericht, was een bastion tegen de voortschrijdende verengelsing, maar terzelfdertijd was men van officiële zijde het Afrikaans nog niet goedgezind. In een publicatie (*Wette(n)) van de Nederduitse Gereformeerde Kerk* (1890: 66) [hierna aangeduid als *Wette*] wordt vermeld: “[D]e Hoofdtal bij het Onderwijs is de Nederduitse.” In een latere uitgave van dezelfde publicatie (1907: 2) werd opgetekend dat predikanten in het vorige jaar was toegestaan ook in het Engels “te prediken waar het bevorderlijk is tot de zaak des Evangelies ...”. In een Afrikaanse uitgave van *Wette* (1933: 56) wordt vermeld: “[D]ie hooftaal by die onderwys is Nederlands of Afrikaans.” Pas in *Wette* (1934: 19) wordt het Afrikaans naast het Nederlands als officiële taal van de Kerk erkend.

Van meet af aan werd een degelijke studie van de “Hollandse taal” en letterkunde vereist. In *Wetten* (1907: 67) werd als vereiste nog gesteld dat men geacht werd door het afleggen van een Admissie-examen “bewijzen te geven van met vrucht onderwijs te hebben genoten in de Nederduitse, Engelsche, Latijnsche, Grieksche en Hebreeuwsche Talen, Meetkunde en vakken Driehoeksmeting, Redeneerkunde,

Bijbelsche en Algemene Geschiedenis, bekendheid met de beginselen der Natuurkundige Wetenschappen terwijl de kennis van de Deutsche en Fransche Talen voor den Examinandus eene aanbeveling zijn zal.”

In de beginjaren waren de vergaderingen aan de Kweekskool om de beurt in het Nederlands en Engels, maar vanaf 1918 werd Engels steeds bewuster geweerd en waren er soms meer dan vijf vergaderingen achtereen in het Nederlands. Reeds op 28 Juni 1904 werd tijdens een vergadering van de studentenvereniging *Polumnia* een voorstel aangenomen om “een commissie te benoemen ... om een petitie op te trekken waarin duidelijk uiteengezet wordt, de redenen die ons leiden te besluiten dat de tijd aangebroken is om de Eng. Dienst in de Ned. Ger. Kerk Zondagavonden af te schaffen.”

Toen de eerste proefpreek in 1923 in het Afrikaans werd gehouden, werden studenten vermaand zich tot de Hollandse “taalvorm” te beperken (Kuratorium, Stellenbosse Kweekskool: 36-38). De studenten legden zich hier echter niet bij neer. Mijn grootvader was een van degenen die actief ijverden voor Hollandse taalrechten. Daaronder zag hij Afrikaans als een natuurlijke verlenging van Nederlands. Vanaf het begin preekte hij heel bewust in het Afrikaans in een tijd toen dat nog officieel werd afgekeurd en de Bijbel en het Psalm- en gezangenboek nog in het Nederlands waren. De Afrikaanse vertaling van de Bijbel verscheen pas in 1933. De vroegste preek van mijn grootvader die in mijn bezit is, dateert van 7 oktober 1907. Hij moet toen pas zijn admmissie-examen hebben afgelegd.

Uit wat bekend is van Philipus Petrus van der Merwe, blijkt ontegenzeggelijk dat men hem zou kunnen beschouwen als behorend tot de hoog opgeleide professionele klasse waaruit volgens Deumert de agenten voortkwamen die uit een complex sociolinguïstisch dialectcontinuüm meehielpen aan de constructie van de opkomende nieuwe norm (Afrikaans) door het heel bewust te schrijven (en te preken). Volgens Deumert (2004: 257) heeft deze opkomende professionele klasse het Afrikaans naast het Nederlands in geschreven teksten gebruikt en een scherp onderscheid tussen de twee normensystemen gehandhaafd. Hun taalgedrag zou dus inderdaad als diglossisch kunnen worden beschouwd. Mijn grootvader zou bijgevolg bepaalde taalvormen als neerlandismen moeten hebben herkend door zijn vertrouwdheid met de Nederlandse norm. Hij kon dus vast en zeker ook moeiteloos heen en weer schakelen tussen de opkomende norm (Afrikaans) en het Nederlands. Hieruit volgt dat hij er heel bewust naar moet hebben gestreefd zo goed mogelijk Afrikaans te schrijven.

Het corpus preken van mijn grootvader bestaat uit ongeveer driehonderd middendoor gesneden “Exercise Books”. Ieder boekje bevat twee à drie handgeschreven preken. Om het onderzoek enigszins af te bakenen heb ik besloten aanvankelijk alleen de preken tussen de jaren 1907 – 1920 te vergelijken met de preken uit de jaren veertig.

Hieronder wordt verslag gedaan van een vooronderzoek waarin de vijf oudste preken tussen de jaren 1907 en 1916⁶ linguïstisch onder de loep worden genomen. De bevindingen die hieruit naar voren komen, worden vergeleken met de bevindingen uit de vijf laatste preken van 1940.⁷

3. Het taalgebruik

Vooraleer verslag te doen van een variationele analyse zijn enkele algemene opmerkingen over het taalgebruik in de preken in het algemeen toch geraden.

Bij een eerste lezing van de preken was de overheersende gewaarwording die van verrassing – Opa schreef al behoorlijk Afrikaans! Toch als men wat scherper kijkt, is de Nederlandse schering duidelijk:

1. bepaalde werkwoordstammen (i.e. het invariabele werkwoord in het Afrikaans) en het gebruik van gemarkeerde infinitiefvormen waren nog niet in overeenstemming met de toestand in modern Standaardafrikaans;
2. het woordgebruik was in bepaalde opzichten ook nog opvallend Nederlands-gekleurd; en
3. al was het voornaamwoordelijk systeem reeds gestabiliseerd, er waren toch enkele in het oog springende uitzonderingsgevallen.

3.1 De werkwoordstammen en de infinitief

<p>Nu bidt voor mi, ic moet noch sneven Ende in de weerelt liden pijn. Verware mijn stede di beneven: Ic moet noch zinghen een liedekijn. Nochtan moet emmer ghestorven sijn.</p>	<p><i>Bid nou vir my: ek moet nog moeisaam die pyn van hierdie wêreld dra. Bewaar vir my 'n plek langs jou: wat my betref, ek moet hier nog 'n liedjie sing. Maar die dood is onafwendbaar.</i></p>
<p>Egidius, waer bestu bleven? Mi lanct na di, gheselle mijn. Du coors die doot, du liets mi tleven.</p>	<p><i>Egidius, waar is jy heen? Ek mis jou, my vriend. Jy het die dood gekies, vir my het jy die lewe gelaat.</i></p>

Die gedig is waarskynlik een van die bekendste Middeleeuse Nederlandse tekste en verskyn in talle bloemesings (die outeur is waarskynlik Jan Moritoen, ca. 1355-1416). Reeds in 1927 neem Coster dit op in sy *De Nederlandse poëzie in honderd verzen*, en skryf gloeiend oor die literêre betekenis van die gedig:

... het mooiste, het meest onvergankelike lied, dat men het hoogtepunt kan noemen der persoonlike lyriek in de Middeleeuwen: het Aegidiuslied, de doodenklacht, de groet van een vriend aan een vriend, die gestorven is. – Dit vers is het meest veredelde type van de Middeleeuwsche lyriek, zoowel door de atmosfeer die het omringt, als door de wonderbare muzikale compositie waarin deze atmosfeer gevangen wordt, tastbaar gemaakt” (Coster 1927: xviii).

En zoo is dit toppunt der persoonlike lyriek der Middeleeuwen tevens één der toppunten onzer gansche literatuur” (Coster 1927: xxi).

Die algemene konsensus is dat hierdie gedig handel oor 'n platoniese vriendskap – sulke hegte vriendskappe was immers 'n “ou tradisie in die Middeleeuse kultuur en literatuur” (Britz 1989). Daar bestaan egter ook die opvatting dat die gedig na 'n homoseksuele verhouding verwys, en dit was reeds in die 50erjare in omloop in Suid-Afrikaanse homoseksuele kunstenaarskringe: Hubert du Plessis het dit met daardie interpretasie getoonset as een van sy *Twee Middelnederlandse liedere* wat in 1952 voltooi is (Van der Mescht 2002). Dit is nie vergesog om te vermoed dat Van Wyk die gedig deur Du Plessis se toonsetting kon leer ken het nie – dit lyk selfs waarskynlik in die lig daarvan dat Van Wyk dit die eerste keer in 1952 begin toonset het. Ook Hennie Aucamp vermoed dat 'n mens die gedig as 'n gay teks kan vertolk en skryf in 1989 'n brief aan Etienne Britz waarin hy vra of dit literêr verantwoordbaar is (Britz 1989).

Die oorsprong van hierdie interpretasie is moeilik om na te speur.⁷ Dit lyk asof dit in dieselfde tyd ook onder die gay gemeenskap in Nederland aanvaar is: 'n artikel in *Vriendschap*, maandblad van die *Cultuur en Ontspannings Centrum*, 'n homoseksuele organisasie, sluit af met 'n pleidooi dat iemand 'n “geskiedenis van homo-erotiek in die Nederlandse literatuur” sal skryf, “van Egidius en Erasmus via Betje Wolff en Aagje Deken tot op onze daagen” (Outeur onbekend 1960: 90). Dié sydelingse verwysing en die feit dat dit nie toegelig word nie, is getuieis van beide die bekendheid van die “Egidiuslied” en die wye verspreiding van die homoërotiese lesing daarvan.

Van Wyk se 1952-skets vir 'n toonsetting van dié gedig het die opskrif “(In memoriam J. W.)” waarby hy later uitgeskryf het “Jan Wilke”.⁸ Amper 'n jaar later, op 12/7/53, het Van Wyk hierdie aanvang aangepas vir 'n solis (waarskynlik bariton of bas, want die stemparty staan in die bassleutel). Die materiaal word getransponeer van *ab* mineur na *eb* mineur (Figuur 3). Die klavierparty is karig, maar neem van die kontrapunt oor uit die vroeëre skets. Op hierdie skets is die gedig tot by die vierde reël getoonset. Dié twee sketse moet die “old sketches” wees waarna Van Wyk verwys in sy brief aan Freda Baron (vergelyk punt 3). Op 5 en 26 Maart 1968 verwerk hy die materiaal in hierdie twee sketse vir soloklavier. Op die skets van 5 Maart is die woorde van die gedig by die musiek ingeskryf (Figuur 4). By die 26 Maart-skets verskyn 'n moontlike titel: *Improvisatie over het/de 'Egidius'* (Figuur 5).

Handwritten musical score for a vocal piece titled "Egidius"-toonsetting, dated 12 July 1953. The score is written on multiple staves, including vocal lines and piano accompaniment. The tempo is marked "Allegro" and the time signature is 12/8. The lyrics are in Dutch and include phrases like "Egidius, die dode, die liets niet le-ven." and "Dat was char-seel-ge-sel-ge-est". The score shows various musical notations, including notes, rests, and dynamic markings.

Figuur 3: Skets vir "Egidius"-toonsetting, 12 Julie 1953

Handwritten musical score for a piano piece titled "Egidius"-klavierstuk, dated 5 March 1968. The score is written on multiple staves, including piano accompaniment. The tempo is marked "Lento molto espi, senza rigore" and the time signature is 5/3. The lyrics are in Dutch and include phrases like "Egidius, die dode, die liets niet le-ven." and "Dat was char-seel-ge-sel-ge-est". The score shows various musical notations, including notes, rests, and dynamic markings. The piece is marked "Klavier" and "Lento molto espi, senza rigore".

Figuur 4: Skets vir "Egidius"-klavierstuk, 5 Maart 1968

Figuur 5: Skets vir “Egidius”-klavierstuk, 26 Maart 1968

Hierdie sketse is op 11 April 1968 voortgesit op die orkestrasiepapier wat hy vir langer sketse gebruik het. Hy merk die blad “vervolg uit aantekeningboekie” en begin by die vierde reël van die gedig, met teks ingeskryf. Op die daaropvolgende sketse het hy nie met die teksonderlegging volgehou nie, hoewel hy soms reëls uit die gedig op dieselfde blad sou neerskryf.

Die volgende opsomming van die wordingsgeskiedenis van die klavierweergawe verduidelik hoe Van Wyk vervolgens te werk gegaan het:

- Op 9 Junie en 30 Augustus 1968 werk hy weer aan die materiaal vanaf die begin van die eerste refrein (wat toe nog die begin van die stuk was) tot by maat 25, en skryf die materiaal vir die reël “clerre dan der zonnen scijn” ’n paar keer oor met verskillende begeleiding.
- Op 4 April 1969 skryf hy weer die hele stuk van die eerste refrein af uit tot by die materiaal in maat 48 (1984-uitgawe). In dié stadium speel die linkerhand by die oktaafverdubbeling in die eerste refrein nog ’n oktaaf laer as uiteindelik.
- Op 10 April, 31 Mei, 1 Junie en 8 Junie 1969 werk hy aan die reëls “Nu bidt vor mi, ic moet noch sneven / ende in de weerelt liden pijn” (mate 39-47). Die betrokke strofe van die gedig is uitgeskryf in die een hoek van een van die sketsbladsye. Hy eksperimenteer ook weer met die begeleiding van mate 23-29

- en voeg 'n lae E -pedaalpunt by die refrein in maat 29-39.
- Op 23, 24 en 25 Februarie 1970 werk hy aan die materiaal in mate 50-59 – veral 50-53, wat waarskynlik bedoel is as 'n melisme op die woord “zinghen” (vgl. Bylae 1 – die bladmusiek van “Rondo desolato” met die Egidius-teks daarby ingevul).
 - Op 17 Mei 1970 berei hy 'n volledige outograaf voor; die veranderinge daarop is hoofsaaklik verbeterings van die uitleg. Dit rym met sy brief aan Freda Baron in 1972 waarin hy skryf dat die “Rondo” al twee jaar tevore voltooi is.
 - Agt jaar later, gedurende Januarie 1978, werk Van Wyk weer aan die “Rondo” en maak nog 'n outograaf – die een wat Ferguson sou gebruik vir sy uitgawe. Die vernaamste verandering wat hy nou aanbring, is die byvoeging van 'n inleiding voor die eerste refrein.

Van Wyk het met ander woorde met 'n soort “tekslose toonsetting” van die gedig volgehou nadat hy besluit het dat die medium klaviersolo sou wees, maar gekies om dié feit te versluier.⁹

Die gerestoureerde teksonderlegging bring etlike voorbeelde van direkte woordskildering aan die lig:

- Elke refrein (maat 5/2-16, 29/2-39/1 en 59/3-69) word met 'n hoër en yler tekstuur getoonset om die toenemende verlatenheid van die spreker voor te stel.
- Die verheldering by maat 17 (teweegebring deur 'n voller tekstuur en 'n skuif van *e b* mineur na *D* majeur) beeld die spreker se herinnering aan hul vriendskap uit (“Dat was gheselschap goet ende fijn”).
- Die reëls “Nu bidt voor mi, ic moet noch sneven / ende in de weerelt liden pijn” is donker getoonset met digte akkoorde in die basregister. Die kontras tussen dié reëls en die hoër register by “Verware mijn stede di beneven” is 'n effektiewe beeld van die verwydering tussen die spreker op aarde en Egidius in die Hemel. Die feit dat “Verware mijn stede di beneven” met dieselfde melodie as “Dat was gheselschap goet ende fijn” getoonset is, lê 'n verband tussen die twee reëls: Egidius moet vir die spreker 'n plek langs hom hou juis by die gedagte aan hulle kameraderie. Op dieselfde manier stem “Nochtan moet emmer ghestorven sijn” ooreen met “Het scen teen moeste ghestorven sijn”.
- Dat Van Wyk die reëls “Ic moet noch zingen een liedekijn” as die klimaks van sy toonsetting inkleef, impliseer dat hy juis dít as die mees pynvolle aspek van die spreker se verlatenheid verstaan: - die feit dat hy sy lewe op aarde moet voortsit sonder Egidius, en moet probeer om dit sinvol voort te sit. Dit is selfs nie ondenkbaar nie dat Van Wyk by die toonsetting van hierdie woorde kon gedink het aan die kreatiewe taak wat hy gevoel het dat hy in sy leeftyd moet volbring.

Die kennis dat die “Rondo” op die “Egidiuslied” gebaseer is, maak van die gedig ’n kragtige sleutel om die musiek te ontsluit. ’n Mens sou selfs kon aanvoer dat dit ’n onontbeerlike sleutel is, aangesien die musiek as “absolute” klaviermusiek ietwat ontoeganklik is. Dit laat die vraag ontstaan waarom Van Wyk die inspirasiebron van die musiek geheim gehou het. (Hou egter in gedagte dat die werk in Van Wyk se leeftyd nooit uitgegee is nie. Die “geheimhouding” wat hier bedoel word, is die feit dat hy wanneer hy die werk uitgevoer het, nooit na die gedig verwys het nie – ook nie as titel of subtitel vir die stuk nie.)

Hierdie besluit is nie uit die staanspoor geneem nie: Van Wyk het die titel *Improvisatie over het/de ‘Egidius’* sedert 1968 oorweeg, en verwys in sy dagboek na die komposisie as “Egid.” (S. Muller, persoonlike kommunikasie, 2 Augustus 2006). In 1972, by die begin van die stel *Tristia*, is *Egidius* ook juis een van die moontlike titels.

Van Wyk se terughoudendheid hou moontlik daarmee verband dat die “Egidius”-gedig indertyd deur sommige Suid-Afrikaanse denkers as ’n homoërotiese teks gelees is of gelees sou kon word: Van Wyk het hom met die laat-Romantiese musiekestetika vereenselwig, waarin musiek as persoonlike sielsuiting van die komponis ’n essensiële konsep is. Aangesien sy komposisies in sy eie denke outobiografiese betekenis gehad het, was dit moontlik vir Van Wyk ’n self-kompromitterende daad om bekend te maak dat hy die gedig getoonset het, een wat hom in ’n sosiaal weerlose posisie sou plaas.

Terwyl Van Wykse elegiese inhoud in verskillende werke verskillende “programme” het, lyk dit asof die elegiese strekking van “Rondo desolato”, soos by *Ricordanza* (sien Thom 2006), en soos by *Nagmusiek* (sien Grové toekomstig) in verband gebring kan word met persoonlike verhoudings. Wanneer Van Wyk die strekking van die “Egidius”-gedig parafraseer in die titel “Rondo desolato” het daardie “verlatenheid” dus ’n spesifieke dimensie, nl. *verlatenheid van iemand* in die konteks van ’n liefdesverhouding. En aangesien Van Wyk se verhoudingslewe uit die aard van die sosiale opset van die tyd so ’n private aangeleentheid was (en boonop vir hom met baie wroeging gepaard gegaan het), het hy verkies om die hele subteks te verswyg.

4.2 “Ostinato”

Volgens Van Wyk se brief aan Freda Baron is “Ostinato” gebaseer op ’n tema uit sy musiek vir Anouilh se toneelstuk *Becket ou l’honneur de Dieu*. Die stuk handel oor die konflik tussen Henry II van Engeland en die aartsbiskop Thomas Becket wat gelei het tot die moord op Becket in 1170. Dit is in 1959 geskryf en in 1960 in Engels vertaal. Die Engelse weergawe het op 5 Oktober 1960 in die St James Theatre in New York geopen (Anouilh 1960: ix) en is in 1964 verfilm. Dit is in 1963 in Suid-Afrika opgevoer deur die destydse KRUIK (Kaaplandse Raad vir Uitvoerende Kunste), en Arnold Van

Wyk het die bykomende musiek vir die produksie gekomponeer.¹⁰ Die tema waarop die “Ostinato” gebaseer is, is dié aan die einde van No. 18 “La Ferté Bernard”. Figuur 6 is ’n faksimile van die betrokke bladsy. Hierdie tema (die piccolo-party onderaan die blad by “Repeat four times”), getransponeer na g# mineur, verskyn bo-aan die eerste skets vir “Ostinato” op 5 Junie 1970 (vgl. Figuur 7).

26.

28

The image shows a handwritten musical score on two pages, numbered 26 and 28. The score is for a production of 'Becket' and features a variety of instruments. The instruments listed on the left are Oboe (Obo.), Horns (Horns), Trumpets (Tpts), Soprano (S.D.), Flute (Fl.), Clarinet (Cl.), Piccolo (Picc.), Oboe (Obo.), Horns (Horns), Trumpets (Tpts), Tom-tom (Tom-tom), Violin I (Viol. I), Violin II (Viol. II), Viola (Vla.), Cello (Cello), and Double Bass (D.). The score is written in G minor (one sharp) and 4/4 time. It includes dynamic markings such as *ppp*, *pp*, *f*, and *sfz*, and performance instructions like *Le.to* and *Solo*. A prominent feature is a section labeled 'REPEAT FOUR TIMES' which appears in three different parts of the score: once for the Piccolo, once for the Tom-tom, and once for the Double Bass. The Piccolo part includes a '4th time' marking. The Tom-tom part has a 'HARD' marking. The Double Bass part has a 'ppp' marking. The score is written in a clear, legible hand.

Figuur 6: Tema uit “Becket”-musiek waarop “Ostinato” gebaseer is

'n Vergelyking van Van Wyk se partituur met die teks van die toneelstuk wys dat hierdie musiek bedoel is vir die volgende aanwysings vir 'n toneelwisseling:

“The set is completely removed. Nothing remains but the cyclorama around the bare stage. A vast, arid plain, lashed by the wind” (Anouilh 1960: 108).

Die toneel wat volg, is die laaste gesprek tussen Becket en die koning, waarin die komplekse verwydering tussen hulle én die toegeneentheid wat hulle steeds vir mekaar voel, duidelik word. Beide karakters verwys telkens na die koue – waarskynlik 'n beeld vir die agteruitgang van hulle vriendskap:

How cold it was on that bare plain at La Ferté-Bernard, the last time we two met! It's funny, it's always been cold, in our story. Save at the beginning when we were friends (King Henry, Anouilh 1960: 12).

Van Wyk se tema is dus 'n uitbeelding van 'n verlate plek waar 'n ysig koue wind waai (moontlik voorgestel deur die aangehoue A's in die strykers – let weer eens daarop dat die yl tekstuur van die fragment 'n bekende middel is waarmee Van Wyk verlatenheid uitbeeld), en is die voorspel tot 'n laaste konfrontasie wat die breuk tussen die twee protagoniste bevestig, effektief voorberei deur die tritonus-gebaseerde tema met die onseker, onheilspellende herhaalde note aan die einde.

Die aanpassing van hierdie tema tot 'n klavierwerk is 'n interessante proses wat op die sketse gedokumenteer is. Op die eerste beskikbare skets¹¹ getuig die moontlike titel “Paesaggio d'inverno / invernale” (“winterlandskap”) daarvan dat die programmatiese inhoud van die oorspronklike tema oorgedra word na die klavierkomposisie. Dié skets is gemerk “Lento (LARGO)” en bestaan uit sekwensiële behandelings van die tema, wat in g# mineur gestel word.

Vanaf die tweede skets is daar 'n duidelike verandering van die uitdrukkingswaarde. Die werkstitel word verander na “Grido” (“kreet” of “gil”), die tempo-aanduiding na “moderato” en die materiaal na die trillerfigure van die uiteindelijke opening. 'n Mens kan jou afvra of hierdie materiaal miskien ook verband hou met die loeiende wind van die oorspronklike program.

Teen 14 Julie 1970 is die hele stuk klaar geskryf in 'n voorlopige vorm, maar nog sonder die tema wat in maat 13-16 van die 1984-uitgawe voorkom – in hierdie stadium het daar bloot 'n herhaling van die aanvangstema op hierdie plek gestaan. In 1973, dus ná die eerste uitvoering in 1972, werk Van Wyk weer aan die stuk en voeg nou die “tweede tema” in. Hy voltooi 'n outograaf in Julie 1975, en 'n laaste outograaf is ongedateer (waarskynlik óf 1975 óf 1977).

Figuur 7: "Ostinato" eerste skets

Die verband van die Becket-tema met die uiteindelijke stuk is die volgende: Die aanvangsnoot van die tema is van B \flat na A verander,¹² en die eerste drie note van die tema (aⁿ-bⁿ-f^m) word 'n soort motto vir die opening, gespeel in halfnote en gemerk *fortissimo*, met aksenttekens én die woorde *marcatiss. violento*. Die oorspronklike tema verskyn in maat 3-4 en word uitgebrei deur herhaling van enkele note of motiewe, tot waar die motto weer aan die begin van maat 6 aangehaal word. Wanneer die motief daarna nog twee keer herhaal, is dit in die oorspronklike vorm B \flat -B-F. Die tema kom nog een keer voor in maat 7 en word daarna aan deurwerkingstegnieke onderwerp.

Toe Van Wyk 'n klavierwerk op die *Becket*-tema baseer het, het hy duidelik (ten minste aanvanklik) die bedoeling gehad om die programmatiese inhoud na die klavierwerk oor te dra: daarom wil hy die werk “winterlandskap” noem, n.a.v. die “vast, arid plain, lashed by the wind” (Anouilh 1960: 108). Die emosionele inhoud van die oorspronklike konteks is die vir Van Wyk bekende temas van afskeid, verlies en die verwydering tussen mense (a.g.v. die onoorbrugbare kloof in die vriendskap tussen koning Henry en Becket). Die oorspronklike tema is waarskynlik ook bedoel om die spanning van elk van die twee protagoniste ten opsigte van die ontmoeting te belig.

Op verdere sketse verander Van Wyk die karakter van die stuk van 'n verlate, hartseer “winterlandskap” na 'n opstandige “gil” of “kreet”. Hy verander egter ook die aard van die komposisie van 'n kort stemmingsmoment na 'n komposisie wat 'n *proses* skilder, waarby die konsonante einde moontlik aanvaarding ná die “opstand” suggereer.

4.3 “*Berceuse*”

In sy 1972-brief aan Freda Baron verwys Van Wyk na die “*Berceuse*” as “a little piece I wrote as long ago as 1958 or 1959”. Die sketse vir hierdie vroegste vorm van die stuk is nie by die *Tristia*-sketse in die Van Wyk-versameling gevind nie, maar in dieselfde groep ongeklassifiseerde sketse as die bovermelde 1952- en 1953-weergawes van “*Rondo desolato*”. Die eerste van hierdie sketse verskyn vanaf die elfde balk van 'n bladsy met die titel “*Siembamba*”. Figuur 8 is 'n transkripsie van hierdie skets.

“*Siembamba*” sou klaarblyklik deel word van 'n stel klavierstukke gebaseer op kinderrympies en -stories: bo-aan die blad is die woorde “Ander moontlikhede: ‘Babbelkous’ | Antjie Somers | 'n Spookstorie | Stout Sarie”. “*Siembamba*” (bo-aan die bladsy) is 'n stukkie in c# mineur waarvan die openingsritme duidelik na die eerste reël van die Afrikaanse volksliedjie (“*Siembamba, mame se kindjie*”) verwys; die musikale materiaal herinner vaagweg aan “*Vaalvalk*” uit die *Vier Weemoedige Liedjies*. Ná 20 mate van “*Siembamba*” is daar nuwe sleuteltekens en 'n nuwe toonsoortteken, en 'n streep wat lyk asof dit aandui dat dié stuk nie met die vorige verband hou nie. Die materiaal wat volg is die “*Berceuse*”, maar in 'n veel meer konvensioneel-Romantiese idioom as die uiteindelijke stuk. Dit is gemerk “O Wilger, wilger, wilgerboom!”.¹³ Op 'n volgende skets word 'n inleiding bygevoeg waarin die idee van die uiteindelijke inleiding, naamlik sekwensiële tertse, reeds gebruik word, maar in 'n ander vorm as uiteindelik.

The image shows a musical score for a piece titled "Berceuse". It is written in 3/8 time and consists of four systems of piano and bass clef staves. The first system (measures 1-8) is marked *mp*. The second system (measures 9-17) is marked *pp* and includes the markings *poco accel.* and *f molto rit.*. The third system (measures 18-26) is marked *a tempo* and includes a *Ped.* marking. The fourth system (measures 27-34) is marked *ritard.* and ends with a double bar line.

Figuur 9: Transkripsie van “Berceuse” eerste skets

Dit is uit die sketse duidelik dat daar ’n verband bestaan tussen “Siembamba” en “Berceuse”, maar dit is moeilik om presies vas te stel wat die verband is. Dit is klaarblyklik twee verskillende stukke, maar hul verskyning op dieselfde sketsblad laat dit lyk asof hulle albei bedoel is vir gebruik in die stel “kinder”-stukke. ’n Verdere gemeenskaplike kenmerk is dat albei wiegeliedjies is, soos die titels en materiaal aandui: “Berceuse” is in die klassieke 3/8-wiegeliedjiemaat, en die linkerhand van “Siembamba” speel ’n wiegende begeleiding vanaf die tweede sisteem op die sketsblad (Figuur 8). Boonop gebruik Van Wyk op een plek die een se titel vir die ander: Op nog ’n ongeklassifiseerde skets gedateer 18/8/72 verskyn die eerste vier mate van “Siembamba” met die titel “Berceuse”. Hierdie skets is gemaak nadat die samestelling van *Tristia* al begin is en Van Wyk reeds aangeteken het dat een van die dele daarvan ’n “Berceuse” sou wees. Moontlik wou Van Wyk aanvanklik die

“Siembamba”-materiaal vir die deel getiteld “Berceuse” gebruik en het hy later besluit om eerder die materiaal van die huidige stuk te neem. Hoe dit ook al sy, die assosiasie tussen die twee stukke betrek moontlik die wrang tragiek van een interpretasie van die woorde van die volksliedjie, nl. dat dit verwys na die dood van ’n baba.

Deur die insluiting van die eenvoudige wiegelielidjie in *Tristia*, wat ’n grootskaalse en ernstige projek was, gee Van Wyk ’n meer gewigtige karakter daaraan: In ’n stel met hierdie titel het ’n “wiegelielidjie” ander interpretasiemoontlikhede as die voor-die-hand-liggende betekenis van ’n slaapliedjie vir ’n kind.

Een moontlikheid is dat dit die onskuld van ’n kind verteenwoordig as iets wat vir die volwassene wat die sorge (of dan: “droefgeestigheid”, “sombere erns”) van die lewe leer ken, verlore is. So ’n uitleg sou miskien in die “Berceuse” gepas wees vir die volkswysie-karakter van die melodie, waaraan Van Wyk minimaal verander het sedert sy eerste idees vir die stuk.

’n Ander moontlike (nie-uitsluitende) betekenis is dat die “wiegelielidjie” veronderstel is om die Romantiese betrekking van die slaap op die dood op te roep: soos die slaap tydelike ontvlugting uit die smart van die werklikheid bied, is die dood ’n permanente bevryding daarvan. ’n Brief van Van Wyk aan Anton Hartman uit 1958 (dus min of meer dieselfde tyd as die eerste weergawe van die stuk) getuig van sy eie doodsverlange (Van Wyk aangehaal in Smith 1991: 250):

Ek wil nie melodramaties wees nie, maar moet jou sê dat ek baie dae inniglik verlang na die rus van die dood ... dis ’n allervreeslike wêreld waarin ons woon.

Terwyl Van Wyk die stuk vir *Tristia* voorberei het, het hy die aard van die materiaal verander deur verskillende wysigings. Die veel eenvoudiger aard van die vroeëre weergawe blyk reeds by die eerste oogopslag: op die vroeëre skets is die hele eerste “vers” weinig meer as ’n reeks drieklanke in noue ligging, met die eenvoudige melodie daarbo (vgl. Figuur 9). Hierdie skelet is in die 1984-uitgawe uitgebrei tot ’n veel voller tekstuur met twee tot drie stemme in die regterhand en twee verskillende soorte begeleidende materiaal in die linkerhand op die onderste twee balke. (Die kiem van hierdie teksturele uitbreiding verskyn reeds in mate 18-24 van die vroeëre skets.)

Die verskille tussen die twee weergawes van die begin van die “vers” (maat 1-8 van Figuur 9 en maat 11-18 van die 1984-uitgawe) kan as voorbeeld geneem word. Op die vroeë skets vorm die harmoniese progressie van die twee frases ’n tonale sekvens wat in sy geheel in e mineur gehoor word (Figuur 10 is ’n reduksie van die gedeelte). In die 1984-uitgawe is die dalende tetrachord-progressie van die eerste frase (i-v6-iv6-V) vervang met i7 (met teruggehoue tweede)- \sharp II4/2-V9-I, alles op ’n tonika-pedaalpunt. Die diatoniese D majeure-akkoord aan die begin

van die tweede frase word met 'n chromatiese V9 vervang, en op dieselfde manier word die $iv\sharp$ in maat 8 van die skets vervang met 'n $ii\Phi 6/5$. Ander opvallende verandering is die invoeging van selfstandige begeleidingsfigure en kontrapuntale lyne, en die ponering van reekse akkoorde op pedaalpunte (maat 19-21 of 23-25).

Figure 10 shows a single staff of music in G major. The chords and their Roman numerals are: $e:$ i , v^6 , iv^6 , V , VII , iv^6 , III^6 (v), IV^\sharp . The chords are grouped into two phrases by curved lines above the staff.

Figuur 10: Reduksie van eerste twee frases van “vers” (eerste weergawe)

Figure 11 shows a grand staff of music in G major. The chords and their Roman numerals are: $e:$ i^7 , III^4 , V^9 , i^\sharp , $d:$ V^9 , i , $v_s^6/2$, $e:$ V^{13} , ii_s^6 . The chords are grouped into two phrases by curved lines above the staff.

Figuur 11: Reduksie van eerste twee frases van “vers” (hersiense weergawe)

Die invoeging van 'n laaste inkleding van die materiaal in mate 11-14, wat met die verlengde nootwaardes mate 57-74 beslaan, affekteer die narratief van die stuk soos volg: Die beklemtoonde dissonanse op die onderste twee balke wat *forte appassionato* begin en dan geleidelik wegsterf, staan in kontras met die klok-effek daarbo, waarvan die note op hul eie konsonant is maar bots met die melodie daaronder. Die twee elemente word met mekaar versoen wanneer die “klok” die tert van die konsonante slotakkoord speel en wegsterwend herhaal. Dit lyk asof Van Wyk teen die einde 'n “opstand”-moment wou skep om die “berustings”-effek van die einde te laat oortuig. Dit kom ook voor asof hy met die koda die uitdrukking van die stuk “ernstiger” wou maak, asof om daarop te wys dat dit iets diepers is as 'n sentimentele slaapliedjie.

Die verandering het duidelik ten doel om die konvensionaliteit van die oorspronklike ingewing te versluier en meer gesofistikeerd te laat klink. Dit is 'n bekende feit dat Van Wyk dikwels verskonend sou verwys na sy “tradisionele” idioom.¹⁴ Die komposisieproses van die “Berceuse” getuig van 'n daadwerklike poging om so 'n idioom te masker. Sodoende word die effens sentimentele liedjie

van die eerste ingewing 'n byna wrang stuk, wat meer bevatlik is vir 'n vertolking wat aansluit by die breë program van *Tristia* as wat die oorspronklike weergawe sou wees.

5. Samevatting: *Tristia* as sinekdogetiese verteenwoordiging van 'n oeuvre

Hoewel *Tristia* 'n laat werk is in dié sin dat die uiteindelijke outograwe almal ná 1975 gemaak is, is aangetoon dat die komposisieproses 'n veel langer periode omspan as wat vroeër vermoed is,¹⁵ – trouens, byna Van Wyk se hele volwasse skeppingstyd ná sy terugkeer na Suid-Afrika (vgl. Figuur 1).

Toe die stel in 1972 'n aanvang geneem het, het Van Wyk dus beplan dat dit nuwe materiaal sou bevat, sowel as ouer materiaal wat hy die moeite werd geag het om te herwerk vir insluiting in 'n grootskaalse werk. Die feit dat musiek van uiteenlopende oorsprong onder die sambreel van 'n elegiese tema byeengebring kan word, is 'n besondere bewys van die byna-alomteenwoordigheid van hierdie tema in die oeuvre.

Hoewel Ferguson nie die hele ontstaansgeskiedenis van die stel geken het nie, skryf hy kort voor die komponis se dood¹⁶ 'n raak opsomming van die inhoud, waarskynlik geïnformeer deur sy korrespondensie met Van Wyk (Ferguson 1987: 13):

More significant [than *Ricordanza*] is a group of pieces with the over-all title of *Tristia*, which was begun in 1972 and has so far acquired three movements out of a probable total of six. When completed, the work will reflect different aspects of a very characteristic side of the composer's make-up.

Hierdie stelling is geldig ten spyte van die feit dat die werk nie voltooi is nie. Méer nog: nie net *weerspieël* die stukke verskillende aspekte van die elegiese betekenisomvang by Van Wyk nie, die verskillende oorspronge van hierdie inhoude *belig* ook soortgelyke inhoude by ander werke. By “Rondo desolato” is bv. gewys op die rol van sy sosiale weerloosheid wat aan sy homoseksualiteit toe te skryf is, iets wat minstens ook by *Ricordanza* ter sprake is (sien Thom 2006). Die stuk illustreer ook die gebruik van 'n “ontwoorde” toonsetting vir 'n instrumentale komposisie, 'n praktyk wat meermale by Van Wyk voorkom en verdere navorsing vereis. “Ostinato” is gebaseer op 'n tema waarvan die oorspronklike betekenis vir Van Wyk met afskeid en verlies geassosieer sou gewees het. Wanneer hy dit as basis vir 'n klavierstuk gebruik, klee hy dit in volgens 'n narratief wat ook die “protes”-aspek van sy elegiese uitdrukking betrek – ook 'n moontlike motivering vir sy veranderings aan die einde van die “Berceuse”. Aan die hand van die “Berceuse” kon verder geïllustreer word

hoe hy die harmoniese taal vertroebel, waarskynlik met die doel om hierdie stuk nader by die elegiese program van die stel te laat aansluit.

Die besondere beliggaming van die elegiese program van *Tristia* wat deur die ontstaansgeskiedenis van die stel blootgelê word, kan dus nuwe weë vir toekomstige navorsing baan, veral in die lig van die belang van elegiek in Van Wyk se oeuvre. Die spesifieke komposisiewerkswyses wat in die sketse vir *Tristia* gevind is, open ook op hulle beurt 'n nuwe navorsingsveld (deels oorvleuelend met die elegiek-vraagstuk) wat nie net op Van Wyk se laat skeppingsperiode nie, maar op al sy komposisies van toepassing is.

Bronnelys

- Anouilh, J.** 1960. *Becket or the honor of God*. New York: The New American Library.
- Britz, E.C.** 1989. Egidius, was jy gay? Brief aan Hennie Aucamp.
<http://www.litnet.co.za/gay/egidius.asp> soos op 21 April 2006.
- Coster, D.** 1927. *De Nederlandsche poëzie in honderd verzen*. Arnhem: N. V. van Loghum Slaterus.
- Ferguson, H.** 1987. Arnold van Wyk. In: Klatzow, P. (Red), *Composers in South Africa Today*. Kaapstad: Oxford University Press.
- Grové, I. (red)** 1984. *Arnold van Wyk 1916-1983. Opstelle oor sy lewe en werk*. Acta Academica, Reeks B19. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat.
- Grové, I.** 2008. Lewe-in-werk: Outobiografiek in die werk van Arnold van Wyk. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 48 (1): 1-12 .
- Komrij, G.** 1994. *De Nederlandse poëzie van de twaalfde tot en met de zestiende eeuw in duizend en enige bladzijden*. Amsterdam: Uitgeverij Bert Bakker.
- Outeur onbekend** 1960. De tragedie van Kloos-Verwey. *Vriendschap*, 15(6): 87-90.
- Smith, M.** 1991. *The symbolism of death in Arnold van Wyk's five elegies: an application of William Kimmel's theory concerning the Phrygian inflection*. Ongepubliseerde doktorsale verhandeling. Durban: Universiteit van Natal.
- Thom, M. J.** 2006. *Die laat klavierwerke van Arnold van Wyk (1916-1983)*. Ongepubliseerde Magisterverhandeling. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.
- Van der Mescht, H.** 2002. Die ontstaansgeskiedenis en agtergrond van Hubert du Plessis se liedere op Nederlandse tekste. *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, 9 (2): 149-167.
- Van Wyk, A.** s.j. Plaatomslag vir opname van *Nagmusiek*. HAUM 10961.
- Van Wyk, A.** 1984. *Tristia*. Stellenbosch: Arnold van Wyk Trust.

Note

1. Hierdie artikel is aangepas uit die outeur se magisterverhandeling (2006). Die studie is onderneem onder leiding van Prof. Izak Grové (Universiteit Stellenbosch). Die outeur bedank ook graag dr. Stephanus Muller vir sy hulp met verskeie vrae wat uit die sketsstudie voortgespruit het.
2. Hierdie versameling is uit verskillende bronne byeengebring en word bewaar in die Dokumentasiesentrum vir Musiek (DOMUS) in die Konserwatorium vir Musiek, Universiteit Stellenbosch.
3. Daar is 'n drukfout in die “Nota van die Redigeerder”: Ferguson skryf dat hy 'n outograaf gedateer 7 Julie 1973 gekopieer het vir die uitgawe. Die korrekte datum is 7 Julie 1975.
4. 'n Aanhaling uit Virgilius se *Aeneas*. Dit word dikwels in Engels vertaal met “These are the tears for things [and our mortality cuts to the heart]”. Hierdie woorde, weer eens in note gespel, verskyn terloops ook op 'n *Ricordanza*-skets. Miskien het hy die woorde leer ken uit Liszt se gelyknamige stuk uit *Années de Pèlerinage (Troisième Année)*.
5. Hierdie interpretasie van die woord is dié van dr. Sjarlene Thom (persoonlike kommunikasie, 9 November 2006).
6. Vir die ontsyfering van Van Wyk se bedoeling hier is ek dank verskuldig aan prof. Hendrik Hofmeyr, persoonlike kommunikasie, 3 Augustus 2006.
7. Hoe korrek dit was of is, is nie hier ter sake nie. Etienne Britz argumenteer egter in sy antwoord aan Aucamp oortuigend teen so 'n lesing.
8. Die enigste spoor van hierdie persoon se verbintenis met Van Wyk is deur Stephanus Muller gevind: hy het in dieselfde jaar as Van Wyk gematrikuleer aan Paul Roos Gimnasium in Stellenbosch.
9. Dié werkswyse is nie onbekend by Van Wyk nie: hy het dieselfde in *Nagmusiek* gedoen met reëls uit 'n gedig van Rilke – vgl. Grové 1984: 130-131.
10. Die outograwe van die musiek is in die Van Wyk-versameling. Daar is 'n opname van die musiek in die SABC se argiewe met die inskrywing “‘Becket’ by Jean Anouilh, music by Arnold van Wyk, performed by KRUIK” [Katalogusnommer TM 6698(69)].
11. Dit is gedateer 5 Junie 1970. Volgens Van Wyk se brief aan Freda Baron het hy die helfte van die stuk in 1968-70 geskryf. Dit kan wees dat die eerste sketse van die “Ostinato” verlore is. Van Wyk kon ook miskien aan sy werk aan die “Rondo” tussen 1968 en 1970 gedink het toe hy die brief geskryf het en dit verwar het met wanneer hy aan die “Ostinato” gewerk het.
12. Hierdie keuse is miskien ter wille van groter duidelikheid van toonsentrum aan die begin: in die oorspronklike weergawe het die strykers hierdie noot as pedaalpunt gespeel (vgl. Figuur 6).
13. Hierdie woorde (wat inpas op die eerste reël van die musiek) is moontlik eie humoristiese kommentaar op die sentimentele karakter van die stukkie. Sy beeld van 'n sentimentele nostalgie of weemoed is immers iemand wat treur “onder 'n wilgerboom in die bleke lig van die maan” (Van Wyk s.d. plaatomslag).

14. Dink byvoorbeeld aan die manier hoe hy sy briewe aan Hubert du Plessis onderteken het met datums soos “1880” of “1881” na aanleiding daarvan dat Du Plessis sou gesê het sy eie musiek “klink soos 1911” ten spyte van sy beste pogings om “modern te wees” (Du Plessis in Grové 1984: 37).
15. Tot op hede was Ferguson se datering die enigste geboekstaafde inligting hieroor: in sy uitgawe verskyn die datums “1973-78” in hakies onder die titel.
16. Die hoofstuk oor Van Wyk is voor die komponis se dood geskryf hoewel die boek eers in 1987 gepubliseer is.

T.N&A

Intekenvorm

Titel:

Prof.	Dr.	Ds.	Mnr.	Mev.	Me.
-------	-----	-----	------	------	-----

Voorletters en van:

Adres:

.....

..... Kode:

Tel. (W): (H): (Faks):

Sel: E-pos:

Betaling: Suid-Afrikaanse Intekenaars: R 100

Buitelandse Intekenaars: R 175

per tjek / posorder uitgemaak aan die SAVN

per direkte deposito aan SAVN, Rekening no. 1190154676

ABSA, Kode: 630125

Pietermaritzburg

Suid-Afrika

Geteken: Datum:

Pos of faks asseblief die depositostrokie en rekening as bewys van betaling.

Adres: Me. Renée Marais

E A G

Universiteit van Pretoria

0002 Pretoria

Suid-Afrika

E-pos: renee.marais@up.ac.za

Faks/Tel.: 033 3461443

Kansellaries geskied op skriftelike versoek. Kwitansies work op versoek gestuur.

Riglyne vir outeurs:

Manuskrip vir T.N&A bestaan uit die volgende onderdele:

- U naam, adres, telefoonnommer, faksnommer en e-pos adres op 'n afsonderlike bladsy.
- 'n Uitdruk van die artikel (in drievoud).
- Genommerde illustrasies, indien benodig, met duidelike aanduiding van waar hulle in die teks geplaas moet word.

Aanwysings vir die artikel self:

- Bydraes kan in Afrikaans, Nederlands, Duits of Engels geskryf word.
- Gebruik die geldende spelling van hierdie tale.
- Ná die titel van die artikel volg 'n samevatting van maksimaal 150 woorde. Die samevatting behoort in Afrikaans of Nederlands te wees indien die artikel in Duits of Engels geskryf is.
- Moenie afkortings gebruik nie (skryf “onder meer”, nie “o.m.” nie).
- Laat die eerste reël van 'n paragraaf inspring, behalwe ná 'n opskrif.
- Laat langer aanhalings inspring, en onderskei hulle deur middel van witreëls van die res van die teks.
- Verwys na notas met behulp van syfers in boskrif.
- Gebruik by aanhalings dubbele aanhalingsstekens (“ ”) behalwe by aanhalings binne aanhalings (“ ‘ ’”).
- By aanhalings val die leesteken slegs binne die aanhalingsstekens wanneer dit deel vorm van die aanhaling.
- Die publikasie waarna in die artikel verwys word, verskyn agteraan in 'n bibliografie.
- Gebruik by voorkeur die Harvard-sisteem van titelbeskrywing en verwysing.
- Verwysings in die teks word aangedui deur die name van outeur(s), jaar van publikasie en bladsynommer(s) tussen hakies te plaas. Byvoorbeeld: (Lijphart-Bezuidenhout, 1984: 40-42).
- Titelbeskrywing in die bibliografie aan die einde van die artikel (titels in alfabetiese en kronologiese volgorde):

Groeneboer, Kees. 1993. *Weg tot het Westen. het Nederlands voor Indië: een taalpolitieke geschiedenis.* Leiden: kitlv Uitgeverij.

Lijphart-Bezuidenhout, Tr. 1984. Thomas François Burgers. In: *Toneelen, Tijdschrift voor Nederlands en Afrikaans*, 2 (1): 38-56.

Disket:

- Lewer 'n disket in met die definitiewe teks van die artikels; dit wil sê, nadat enige kritiek verwerk is.
- Skryf die naam van die gebruikte woordverwerkingspakket op die disket. T.N&A gee voorkeur aan die Richtext (rtf) -formaat. Ander formate sal sover moontlik konverteer word.
- Hou 'n oorspronklike kopie.

Redaksionele beleid:

Alle bydraes word anoniem op geskiktheid van publikasie beoordeel deur ten minste twee beoordelaars, onafhanklik van die redaksie van die T.N&A. Die kopiereg van artikels gepubliseer in T.N&A berus by die redaksie. Menings wat in T.N&A uitgespreek word, hoef nie noodwendig deur die redaksie gedeel te word nie.

